



Matieland

Universiteit van Stellenbosch

Jaargang 11

Nommer 1 April 1967





Werkgeleenthede

Die Federale Groep is stewig ingeskakel by die groei van Suid-Afrika. Trouens, hy gee dikwels die pas aan.

Met sy wydverspreide belang in die nywerheid, die mynbou en die handel, bied die Groep voortdurend 'n unieke verskeidenheid van tegniese, akademiese en administratiewe

poste aan, asook aantreklike studiebeurse vir studente.

By die Federale Groep kan die man met initiatief en ideale die vooruitgang, vervulling en sekuriteit kry wat gepaard gaan met gesonde groei. Kom bespreek gerus u toekoms met Federale Volksbeleggings Beperk.




DIE FEDERALE GROEP



Van hoogste reinheid

Oude Jippester
Likeurbrandewyn



*Die nywerheidsreus met 'n vergesig op die toekoms.
Regs onder is 'n gedeelte van die gassuiweringsaanleg.
Die kenmerkende torings van die kragstasie verdwerg die
kantoorgeboue en Sasolburg in die agtergrond.*

S A S O L

**Die Petro-chemiese
fabriek met die mees
opwindende loopbane
vir graduandi.**

Hierdie komplekse onderneming, die wêreld se enigste winsgewende petrol-uit-steenkoolaanleg, verskaf 'n uiters uiteenlopende reeks van loopbane aan mense met die potensiaal om te skep. Daar bestaan onder ander geleenthede in die ingenieurs- en wetenskaplike rigtings asook in die rekenenkundige, handels- en administratiewe afdelings. Beperkte poste in die volgende rigtings word ook aangebied: Landboukunde, Biblioteekwese, Personeelwerk, Regskennis, ens. Skryf aan die Bestuurder, Personeeldepartement, Posbus 1, Sasolburg, om nadere besonderhede oor wat ook vir u 'n interessante toekoms mag wees.



In die jaar 2000 sal hierdie jong man in die vyftig wees—u ook

In die vyftig—en dis glad nie oud nie! U sal dan al sowat 25 jaar lank die vrugte gepluk het van u huidige opleiding—en u het miskien 'n seun wat u graag in u voetspore wil laat volg. U sal aan astree begin dink en u het ongetwyfeld toekomsdrome vir daardie oudag—'n wêreldreis, miskien, of 'n huisie by die see—in hierdie stadium het u moontlik nog nie eers daaraan gedink nie. Die jong man hierbo het *wel* daaraan gedink. Hy het nog nie beplan wat hy gaan doen wanneer hy astree nie—hy het net

beplan om in die jaar 2000 *in staat* te wees om te doen wat hy wil, deur *op die regte ouderdom* te begin spaar deur middel van 'n Ou Mutual-uitkeerversekeringspolis. *U ouerdom is die regte ouerdom*—volg gerus sy voorbeeld. U sal weet presies hoeveel om gereeld opsy te sit—en dit is die maklikste manier om te spaar. Die belangrikste van alles is, van die oomblik dat die polis begin, sal u waardevolle lewensdekking geniet. U naaste Ou Mutual-kantoor sal dit met genoëë met u bespreek.

D I E O U M U T U A L

SUID-AFRIKAANSE ONDERLINGE LEWENSVERSEKERINGSGENOOTSKAP



SAM 436

GEE 'N MAN 'N LUCKY!



Vervaardig in Suid-Afrika, Rhodesië, V.S.A., Wes-Duitsland, Denemarke, Australië, Holland

MATIELAND

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS
DEUR DIE
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN
J. J. OOSTHUYSEN

MET MEDEWERKING VAN
DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING

JAARGANG 11 NO. 1 APRIL 1967

In hierdie uitgawe

- Die Tweede Staatspresidentspaar, 7
Die tweede Skof, 8
Van die Redaksie, 9
Ons eer hul Nagedagtenis, 9
Gelukwense tydens die Eeu feesjaar, 12
Hawker Siddeley Skenk vliegtuigmotore, 14
Tegnieke om die Groei proses van
Wolvesels te Bestudeer, 16
Gelofte van Graduandi in die Verpleegkunde
aan die Universiteit van Stellenbosch, 17
Universiteitsnuus, 18
Nuwe Aanstellings, 21
Nuwe Kursusse, 23
Nuus van Oud-Matiefondtakke, 28
Ons Eie Krygskunde, 30
Parlementêre en Akademiese Krieket, 32
Byna te laat Berigte, 32
Die Karnaval en Uskor, 34
„Matieland”-Fonds, 35

Voorbladfoto

*Madies se Karnavalkoningin, mej. Jeanette Ramsay
en die prinsesse mej. Patricia Terblanche (links)
en Brigette Fröhlich op die hoofvlot gesubsidieer deur
die S.A. Wolraad op 3 Maart 1967.*



Die Tweede
STAATSPRESIDENTSPAAR
van Suid-Afrika,
Sy Ed. Dr. en Mev. T. E. Dönges

Matieland bring sy eerbetoon;
bied sy beste wense
aan 'n briljante oud-Matie,
Staatsman, Regsgeleerde, Kultuurdraer:
THEOPHILUS EBENHAËZER
DÖNGES
M.A. (Stell.), LL.D. (Lond.),
D. Phil. (h.c.) (Stell.)
(Kanselier van die Universiteit
van Stellenbosch)
en aan Mev. Dönges, sy eggenote.

Die tweede Skof

Vir die hoër onderwys op Stellenbosch het die honderden-earste jaar aangebreek – die eerste jaar van 'n tweede skof.

Baie min mense word 'n eeu oud, maar teenoor die totale beskawingsgeskiedenis is 'n honderd jaar na verhouding 'n uiters korte span. En tog beslaan 'n eeu byna een-derde van die totale tydperk van die Europese beskawing in Suider-Afrika. Vir ons land, wat kultureel nog maar jonk is, is 'n eeu derhalwe 'n eerbiedwaardige ouderdom.

Gebrek aan opleidingsgeriewe – dink maar aan die eertydse „skole” en „meesters” – het die intellektuele ontwikkeling van ons volk twee eeue lank aan bande gelê en dus het Suid-Afrika – om dit so te stel – geestelik nog geslaap.

Ook die natuurlike hulpbronne van ons land het op ontgunning gewag. Slegs die boonste paar duim van die grond is gebruik vir landbou en veeteelt, terwyl roofbou in die bosse plaasgevind het. In dié tyd het die Afrikaner egter met sy binnelandse uitbreiding sy erfdeel van die Kaap tot die Limpopo in besit geneem.

In die jongste derde van die tydperk van blanke beskawing in Suider-Afrika het 'n ander soort ondernemingsgees en 'n ander tipe ontwikkeling die land aangegryp. Adamastor, Camoëns se reus van die suidpunt, sou sy kragte nie net op see toon nie, maar hy sou in 'n nuwe gedaante verrys as die *moderne* Suid-Afrika.

Tot dié ontwaking het hoër onderwys, en in hoe mate die Universiteit van Stellenbosch self, nie 'n onaansienlike bydrae gelewer nie. Met 'n mate van geringskattende woordspeling het James MacKinnon in 1887 gepraat van Stellenbosch as die „Athene van Suid-Afrika”, maar sy luimige (?) opmerking is in werklikheid bewaarheid geword. Hier het inderdaad die „Eikestad Athene” vir gees en liggaamsbou verrys, want Stellenbosch het meer as net maar nog 'n dorp geword. Baie raak is in hierdie verband die treffende woorde van wyle dr. D. F. Malan in 1913: „Zij (d.i. die Victoria-Kollege) staat voor een idee!”

Onder die universiteite van Suid-Afrika is die Universiteit van Stellenbosch een van die seniors. Maar dit ly darem nie aan ouderdomskwale nie! Daarvan getuig sy standhoudende groeikrag soos blyk uit die toevoeging van nuwe departemente en kursusse gepaardgaande met 'n voortdurend groeiende studente-

tal wat 'n steeds groter personeel vereis en waardeur die behoefté aan akkommodasie altyd groter word.

Om die laasgenoemde probleem op te los, is o.a. die Eeu feesfonds in die lewe geroep. Op ongekende wyse het huisende bygedra om ons volksuniversiteit in breedte en diepte uit te bou.

In sy „Toekomsblik”, slothoofstuk van die Universiteit se grootse gedenkboek, skryf die Rektor, prof. H. B. Thom: „Die doel (met die stigting) was nie slegs om geleenthede vir die intellektuele opvoeding van jong Afrikaners te skep nie; ook moes geleenthede vir gesonde karakterbou voorsien word”. Nog verder skryf hy: „Hieruit volg dat dit vir Suid-Afrika oneindig veel meer beteken wanneer jongmense hul universiteitstudies soos egte Suid-Afrikaners ondernem dan wanneer hulle soos kleurlose wesens voortgaan, onbewus van nasieskap en vaderlands liefde”.*

Die Rektor verklaar verder ook dat, ofskoon die Universiteit van Stellenbosch so sterk Afrikaans georiënteer is, hier steeds ook anderstalige jongmense van ons land, wat soms inderdaad van ons knapste dosente en studente word, opgeneem sal word, d.w.s. indien hulle die aard en karakter van Stellenbosch aanvaar en hulle hier huis voel.

Ingenieurs gebruik dikwels die driehoekkonstruksie om stewigheid te illustreer en te verkry. Laat ons ook op punte A, B en C van 'n denkbiedige driehoek let. Punt A staan vir die voortgesette samesnoering van kragte: die Rektor, dosente, administratiewe en koshuisamptenare en die donateurs. B verteenwoordig die ouers van die studente. Solank hulle kinders Matielanders is, sal *Stellenbosch* 'n huishoudelike woord in die ouerhuse wees. Hierdie punt verteenwoordig terselfdertyd die permanente plaaslike inwoners, wie se dorp die setel van ons universiteit is. Punt C duï dié mense aan om wie dit eintlik gaan, t.w. die studente van wie hoë verwagtinge vir die toekoms van ons land gekoester word.

Wanneer hierdie drie punte verenig word deur die drie lyne van *harmonie, respek* en *samewerking* sal die Groot Boumeester Sy Seën gee op die tweede skof wat ons nou intree.

* Stellenbosch 1866–1966: Honderd Jaar Hoër Onderwys, pp. 553 en 563.

Van die Redaksie

Waardering aan Oud-Redakteur

Matieland het sy tiende jaar agter die rug. In dié tyd het drie brillante redakteurs die blad gedien.

Die eerste was dr. Ernst van Heerden, die bekende Afrikaanse skrywer. Hy is opgevolg deur dr. Bun Booyens wat vanjaar die nuwe vak Afrikaanse Kultuur-en Volkskunde aanvoer.

In Julie 1962 het mnr. R. P. Conradie oorgeneem en die blad met onderskeiding geredigeer. Aan die einde van 1966 is hy bevorder tot Registrateur (Akademies). *Matieland* sê aan hom baie dankie vir sy toeswyding en wens hom alles van die beste toe in sy nuwe groter verantwoordelikheid in diens van sy universiteit en sy volk se studerende jongmense.

Die Enigste in Sy Soort!

Het u al „*Stellenbosch 1866–1966: Honderd Jaar Hoër Onderwys*“ op u boekrak?

In 'n donkerblou band van kunsleer word 600 bladsye gewy aan leesstof en baie foto's oor alle moontlike aspekte van Stellenbosch, geskryf deur 'n paneel van tien vakmanne en kenners van al die aspekte van die Universiteit, sy studente, studentelewe en welfdoeners. Die slohoofstuk is 'n „Toekomsblik“ deur die Rektor, dr. H. B. Thom.

Hierdie boek sal die trots van u boekrak wees!
Bestel van Nasionale Boekhandel teen R8.50.

Eeu feesgedenkmedaljes nog Beskikbaar

Eksemplare van die silwer Eeu feesgedenkmedalje wat gemunt is ter herdenking aan die honderdjarige bestaan van die hoër onderwys op Stellenbosch, kan nog bestel word by die Departement van Ontwikkeling van die Universiteit. Die prys per medalje is R5.50, wat posgeld en versekering insluit. Alle navrae moet gerig word aan die Direkteur, Departement van Ontwikkeling, Universiteit, Stellenbosch en tjeks moet uitgemaak word aan die Universiteit van Stellenbosch. Afbeeldinge het verskyn in *Matieland* van Desember 1966.

Ons eer hul Nagedagtenis

My Oud-Matie Das

Het u geweet 'n das kan in jou hart inkruip? Wanneer ander dieselfde das dra, voel jy 'n gees van kameraderie. As dit jou Alma Mater se das is, put jy inspirasie daaruit. En as jy bedroefd voel?

„En toe, verlede Woensdag, 7 September 1966, toe soek ek weer hierdie das uit en dra dit die res van die week as teken van diepe rou.“*

*Na die dood van wyle dr. H. F. Verwoerd.

BEN CONRADIE

Oud-Maties van 1954–1961 het seker reeds verneem van die treurige dood in 'n motorongeluk op 4 Maart 1966 van „Jappa“ Welgemoed. Sy vriende sal hom o.a. onthou omdat hy so ingedagte was, maar veel meer weens sy bedrywigheid in die C.S.V., C.S.S.B., S.V.B. sy minsamheid en presiesheid.

„Jappa“ Welgemoed





F. C. Erasmus



Prof. I. de V. Malherbe



Prof. O. S. H. Reinecke

F. C. ERASmus

Op 8 Januarie 1967 is Oud-Min. F. C. Erasmus onverwags aan 'n hartaanval oorlede in die ouderdom van 70 jaar. Ons meegevoel gaan tot sy eggeneote en kinders uit. Sedert 1948 tot 1959 was hy Minister van Verdediging. Hy het veral die jeug ingetrek deur die stigting van die drie gymnasiums en die Militêre Akademie te Saldanha, waardeur hy nou aan die Stellenbosse Universiteit geskakel was.

PROF. I. DE V. MALHERBE (1888-1967)

Prof. Izak de Villiers Malherbe is op 27 Januarie in die ouderdom van 79 jaar oorlede. Nadat hy die B.A.-graad, cum laude, aan die Victoria-Kollege behaal het, is hy na die Universiteit van München waar hy aan die begin van die eerste wêreldoorlog die graad Ph.D., magna cum laude, in Landbouchemie behaal het. Sy promotor was die wêreldberoemde prof. E. Ramann. In 1919 is hy as dosent in Landbouchemie aan sy alma mater aangestel; 'n pos wat hy met baie groot onderskeiding tot 1958 beklee het.

Tydens sy dienstermyne was hy verskeie kere Dekaan van die Fakulteit van Landbou en in 1934 het hy waargeneem as Hoof van die Stellenbosch-Elsenburgse Landboukollege.

Wyle prof. Malherbe was 'n groot wetenskaplike en sy dienste aan sy vaderland was en is nog steeds van onskatbare waarde. Hy was nie net 'n groot opvoedkundige en landbouwetenskaplike nie, maar kan beskou word as die grondlegger van die grondkunde en die bemestingsleer in Suid-Afrika.

Hierbenewens was hy by uitnemendheid 'n mens. Sy studente het die vrymoedigheid gehad om na hom te gaan met hulle probleme, baie waarvan nie-akademiese probleme was. Van die honderde studente wat aan sy voete gesit het, is 'n hele paar vandag professore aan Suid-Afrikaanse Universiteite, terwyl baie ander van die hoogste poste in die Staatsdiens en elders beklee.

Hy was tot aan die einde van sy vrugbare lewe 'n wetenskaplike. Tot baie onlangs was hy nog besig om sy bekende boek „Grondvrugbaarheid“ te hersien. Die Universiteit, sy oud-studente en die boeregemeenskap treur oor die heenga van 'n groot man.

I. S. PEROLD

PROF. O. S. H. REINECKE (1891-1967)

Duisende het met leedwese van die heengaan van prof. O. S. H. Reinecke verneem. Hy was met besoek in Pretoria en is daar dieoggend van 6 Februarie 1967 skielik oorlede.

Otto Samuel Herbert Reinecke is in 1891 in Transvaal gebore. In 1912 het hy aan die Universiteit van Toronto 'n Baccalaureusgraad verwerf en was met sy terugkeer moontlik die eerste Suid-Afrikaner met hoë opleiding op die gebied van vrugte. Met navorsing oor bestuiwing by vrugte, verleen die Universiteit van Suid-Afrika, in 1930, die graad Doktor aan hom.

In 1918 het hy Hoogleraar in Vrugteteelt aan die Universiteit van Stellenbosch geword en in 1961, na 43 jaar diens, amptelik uitgetree.

Na sy begin op Stellenbosch het prof. Reinecke besef dat 'n deeglike kennis van die behoeftes en moontlikhede van vrugte species en cultivars noodsaaklik was. Binne twee jaar na sy aankoms hier is pare bome van meer as 400 cultivars, waarvan sommige nog bestaan, op Welgevallen, Proefplaas van die Universiteit, geplant. Op hierdie bome en op bome op privaat plase is proewe en evalueringstudies van basiese belang uitgevoer.

Prof. Reinecke het deur sy ywer ook ander tot navorsing geprikkel. Ook na sy aftrede het hy sy navorsing oor klimaat en vrugteverbouing voortgesit. Hy was juis nou weer, vergesel van mev. Reinecke, op 'n rondreis om die vrugteboom in verskillende omgewings te bestudeer.

Sy bevindings is deur publikasies en voorlesings aanskoulik en oortuigend uitgedra en die boere het prof. Reinecke geken en hy hulle probleme. So het hy ook baie bygedra om by die boer vertroue in die wetenskap te wek.

Prof. Reinecke het sy studente wetenskaplik en toegerig opgelei en saam met die ander eerste professore in Landbou die Fakulteit op 'n hegte fondament begin.


Ons wat by prof. Reinecke geleer en hom geken het, is dankbaar vir die voorreg en sal hom en sy simpatieke en prikkelende belangstelling mis. Hiermee word dan ook opregte meegevoel met mev. Reinecke en die kinders betuig.

A. F. DE W E T

PROF. M. S. TALJAARD (1908–1966)

Die vroeë dood, op Kersdag 1966, van prof. dr. M. S. Taljaard, was die afsluiting van 'n intensdeurleefde lewe. Sy baie kennis en vriende oor die hele land sal hom mis, maar die herinnerings aan hom sal nog lank voortleef.

Hy was 'n beroemde en besondere leermeester met 'n siening, 'n filosofie en 'n metodiek heeltemal sy eie. Geologie het hom reeds gewen in sy kinderdeae toe hy teen die hange van Augsberg gespeel het met



Prof. M. S. Taljaard

die trilobietfossiele wat daar uitverweer, en toe hy in 1925 aan die Universiteit van Stellenbosch inskryf, is die saak final beklink toe sy ou professor Shand vir hom aanloklike vergesigte geskilder het van die aarde as studieveld en werkgebied.

Hy het sy studie begin as mineraloog en petroloog, en sy eerste werk het hy gekry – na moedbrekende gesukkel in 1928 se dae – in 'n Randse goudmyn. Dit was vir hom 'n harde skool.

Kort hierna het hy 'n aanbod aanvaar om in Midde-Afrika prospekteringskartering te gaan doen, en vir twee jaar was syne 'n jagters- en swerwerslewe. Hier, het hy by geleentheid gesê, is sy gemoed ontplooï deur die strykyster van die vryheid van die bosvlaktes.

'n Voetbesering het hom terug gedwing Stellenbosch toe, waar hy ná verdere studie, aangestel is as dosent, getrou het en hom gevinstig het.

Sy deelname aan die Obst-ekspedisie in 1935 was die begin van sy landskapsliefde, wat 'n algehele omkeer gebring het in sy spesifieke belangstellingsveld in die Geologie.

In 1947 is hy bevorder tot professor. Verskeie boeke, vakboeke sowel as vertalings, het uit sy hand verskyn.

In 1960 was hy 'n suksesvolle Carnegiebeurs-kandidaat, maar 'n onverwagte siekbed het hom verhinder om die studiereis te onderneem. Dit wil voorkom asof hierdie siekbed die begin was van sy laaste met swak gesondheid geteisterde jare, die finale aanslag op sy taai gestel van die tropiese siektes wat hy opgedoen het in Zambië, Rhodesië en Malawi.

I. C. R U S T

Gelukwense tydens die Eeufeesjaar

Tydens die eeufeesjaar van hoër onderwys op Stellenbosch is talle gelukwense en groetes van allerlei oorde ontvang en in etlike gevalle deur persone van oorsee persoonlik deur voordrag afgelewer. Ons haal slegs enkele gedagtes aan as blyke van waardering en om oud-Maties daarin te laat deel.

Suid-Afrikaanse Universiteite

„Ons Raad en Personeel is saam met u verheug oor die voltooiing van 'n honderd jaar van toegewyde diens aan die onderwys in Suid-Afrika en koester die grootste bewondering vir u toewyding aan ons gemeenskaplike ideale i.v.m. die bevordering en verspreiding van kennis.”

(w.g.) J. P. Duminy, Prinsipaal,
Universiteit Kaapstad.

„Meer as veertig jaar lank het ons twee inrigtings, die Victoria-Kollege wat onderrig verskaf het en die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop wat die eksamens afgeneem en die grade toegeken het, ten nouste saam ontwikkel. Saam het ons twee Universiteite op dieselfde dag deur Wette 12 en 13 van 1916 in nuwe gedaante onder hul huidige name te voorskyn getree. Ons bring hulde . . .”

(w.g.) S. Pauw, Prinsipaal,
Universiteit van Suid-Afrika.

„My University is very happy to join with the University of Stellenbosch in commemorating the foresight, imagination and courage of the handful of pioneers who foregathered in 1863 in the 'Oude Leeskamer' . . . Your graduates have provided a very large part of the trained personnel required for the development of South Africa into a modern civilised state . . . Our University also owes a particular debt of gratitude to the University of Stellenbosch for its service as the alma mater of some of the most distinguished members of our own academic staff . . .”

(Sgd.) I. D. MacCrone, Principal,
University of the Witwatersrand.

„Die vermaarde Universiteit van Stellenbosch word hartlik gelukgewens . . . Ons bede vir sy toekoms sluit aan by Psalm 20 : 5, 6: – ,Mag Hy u gee na u hart en al u voornemens vervul! Ons wil juig oor u oorwinning en die vaandels opsteek in die Naam van onse God. Mag die Here al u begeertes vervul.”

(w.g.) C. H. Rautenbach, Rektor,
Universiteit van Pretoria.

„Nie alleen die Republiek van Suid-Afrika nie, maar trouens ook die wêreld, is veel verskuldig aan die Universiteit van Stellenbosch vir die buitengewone wyse waarop hy die wetenskap en kennis gedien en bevorder het . . . Die Universiteit van Stellenbosch het hom geopenbaar as 'n setel van kennis waar die ware Suid-Afrikaanse geesteskrag merkwaardig ontwikkel en gedry het . . .”

(w.g.) O. P. J. Horwood, Rektor,
Universiteit van Natal.

„Mag die Universiteit van Stellenbosch groei en gedry en van krag tot krag voortgaan; mag hy sy belangrike en moeilike taak met ongeëwenaarde ywer uitvoer en alle meegaande uitdagings sonder huiwering aanvaar; mag die seën van die Allerhoogste rus op alles wat die Universiteit onderneem ter bevordering van die wetenskap, tot die opbou van land en volk en tot vooruitgang van die mensheid in die algemeen.”

Die Raad en Senaat,
Universiteit van Oranje-Vrystaat.

“We greet the University of Stellenbosch on the hundredth Anniversary of the founding of its progenitor, the Stellenbosch Gymnasium . . . No more beautiful surroundings could have been chosen for this University, and no other edifice or institution could have graced its surroundings more nobly.”

(Sgd.) J. M. Hyslop, Vice Chancellor,
University of Rhodes.

„Die Universiteit van Stellenbosch se eeuspan val in een van die kleurrykste tydperke in ons land se geskiedenis en omdat hier 'n gees van akademiese, kulturele en nasionale dinamiek geheers het, het hy midde

in die stroom van volksgebeure gestaan en op 'n veelheid van vlakke leidend gebou aan wat ons vandag as eg Afrikaans beskou."

(w.g.) *H. J. J. Bingle, Rektor,
Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.*

„Dit is vir die jongste Suid-Afrikaanse Universiteit 'n groot eer en voorreg om deel te hê aan die eeufeesviering van die oudste Afrikaanse Universiteit . . . Onder die bydraes wat u tot ons land gedoen het, is daar in die besonder die dienste wat u gelewer het tot al die ander Suid-Afrikaanse Universiteite, wat op een na, almal na u ontstaan het en van u geleer en geprofiteer het op velerlei wyse.”

(w.g.) *E. J. Marais, Rektor,
Universiteit van Port Elizabeth.*

„Stellenbosch is die ware volksuniversiteit wat, in die woorde van sy voormalige Kanselier, dr. D. F. Malan, vir 'n idee staan . . . Dit is juis hierdie idee wat ons van u ontvang het wat ons die roeping gegee het waarmee ons teenoor die Kleurlinge, die bevolkingsgroep wat ons die langste ken, besiel is . . . Dit was Stellenbossers wat meer as ander uitgegaan het na die minderbevoorregtes in die stede en in verafgeleë plekke en wat die wonder van volksrehabilitasie binne een mensgeslag help bewerkstellig het.”

(w.g.) *J. G. Meiring, Rektor,
Universiteitskollege Wes-Kaapland.*

“May I take this opportunity of extending to you on behalf of the South African College of Physicians, Surgeons and Gynaecologists our warm congratulations and good wishes on the occasion of your achievement of your century of valuable contribution to the life of South Africa.”

*Prof. John F. Brock,
Dept. of Medicine, Observatory, Cape.*

Oorsese Universiteite

“Aus Anlass des hundert jährigen Bestehens der Universität von Stellenbosch habe ich die Ehre, dieser hochangesehenen Universität die allerbesten und aufrichtigen Glückwünsche der Westdeutschen Rektorenkonferenz, der Vereinigung aller westdeutschen und westberliner Universitäten zu entbieten. Einen besonderen Gruss habe ich von der Universität Hamburg . . .”

Herr prof. dr. E. Sperner, Hamburg.

“Joyeusement associées aux célébrations du Centenaire de la Fondation de l'Université de Stellenbosch, les Facultés Universitaires de Namur, en Belgique, présentent à Monsieur le Recteur, le Professeur H. B. Thom, au Conseil Académique et au Corps tout entier des Professeurs de l'Institution Jubilaire leurs plus chaleureuses félicitations pour l'admirable travail réalisé depuis un siècle avec audace et persévérance dans ses onze facultés progressivement développées à partir du Gymnase et du Collège primitif.”

Prof. Edouard Boné, Recteur, Namur, Belgique.

„Na een schitterende reis doorheen uw prachtig land ben ik vol Zuid-Afrikaanse geesdrift . . . terug te Gent aangekomen . . . Ik hoop dat hiermede nieuwe en stevige banden gelegd worden tussen onze Universiteiten . . .”

Prof. W. Soete, Rijksuniversiteit, Gent.

„. . . my hartlike gelukwense vir die toekoms . . . dat die Universiteit van Stellenbosch tot in lengte van dae mag voortgaan om sy bydrae te lever in die opbou van die Afrikanernasie . . . en van al die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika tot welvaart in vrede, geregtigheid en naasteliefde.”

Dr. Jan van den Berg, Van Gravenhage.

„As eredoktor van Stellenbosch voel ek behoefte die Universiteit van Stellenbosch geluk te wens met die skitterende staat van diens . . .”

Prof. P. J. van Winter, Groningen.

“. . . The scientific meetings were excellent, beautifully organised and of great value. I was most interested and impressed with all I saw at Stellenbosch.”

*Prof. J. F. Goodwin,
Post Graduate Medical School, London.*

Van die Kaap tot oor die Vaal

„. . . Die Ring dink met dankbaarheid aan die noue bande wat gedurende die afgelope honderd jaar tussen die N.G. Kerk en die Universiteit van Stellenbosch bestaan het . . . en die geestelike voorbereiding . . . deur die jare aan leraars van die Kerk geskenk het . . .”

*Ds. G. S. J. Möller,
Ringscriba, Ring van Stellenbosch.*

„Op 'n byeenkomst van oud-voorsitters van die S.A.O.U., wat op 'n paar uitsonderings na, oud-studente van die Universiteit van Stellenbosch is, het ons

besluit om ons Alma Mater geluk te wens en ons waardering te betuig vir wat die Universiteit vir hoër opvoeding presteer het.”
C. R. Venter (Voorsitter 1946);
C. L. Vivier (Voorsitter 1938).

„Aan ons gelukwensinge paar ons graag 'n woord van oopregte dank. Vanaf die begin van die Woordeboek in 1926 was die Universiteit van Stellenbosch by dié onderneming betrokke. Die Universiteit van Stellenbosch het 'n gelukkige tuiste gebied waarin dit onder-skaag word deur aktiewe hulp.”

*Dr. F. J. Snijman, Hoofredakteur,
Die Afrikaanse Woordeboek.*

Telegram: „Hartlik geluk met 100-jarige bestaan.”
*Mnr. J. Badenhorst, Hoofleier,
Voortrekkerbeweging.*

Telegram: „Hartlik geluk met inwyding van nuwe skouburg. Mag hierdie gebou die volgende 100 jaar Stellenbosch se beeld as bakermat van ons kultuur verstewig.”


Die Sekretaris, TRUK, Pretoria.

„Baie geluk . . . van die huidige eienaars van die 'Oude Leeskamer'.”

*Mnr. en mev. George Osler,
Dorpstraat 182, Stellenbosch.*

“My years at Stellenbosch were some of the happiest and most memorable of my life . . . I not only survived, I thrived (thanks maybe to Wilgenhof catering) . . . I join Victorians from the Cape to Delgo Bay in wishing you well.”

Colin Banks (1945), Pretoria.



Hawker Siddeley skenk vliegtuigmotore

Op 15 Februarie 1967 het Sir Roy Dobson, voorsitter van die Hawker Siddeley Groep (Internasional) 'n De Havilland Goblin straalmotor en 'n De Havilland Gypse Queen suiermotor aan die Departement van Ingenieurswese van die Universiteit oorhandig.

Die doel met die skenking is om te help om studente op te lei in

- die ontwerp, konstruksie en instandhouding van vliegtuigmotore;
- die toetsing van die werkverrigting van vliegtuigmotore.


Die Rektor, dr. H. B. Thom, het die motore namens die Universiteit in ontvangs geneem en professor J. F. Kemp, Dekaan van die Fakulteit van Ingenieurswese, het Sir Roy bedank.

Sir Roy het tydens sy oorhandigingstoespraak spontaan gesê dat hy mnr. Jack Davison, wat ook aanwesig was, en wat die voorsitter is van die Hawker Siddeley Groep (Suidelike Afrika), vra om 'n addisionele skenking van R1,000 aan die Universiteit te doen met die oog op die bevordering van die werk in die nuwe Departement van Lugvaartkundige Ingenieurswese.

Die Hawker Siddeley Groep het twee sake baie vinnig afgehandel: die motore is afgelewer nog voor dat met die kursus begin is en twee dae na die belofte van Sir Roy Dobson was die tsek reeds op pad.

Sir Roy Dobson en prof. H. B. Thom, by die suiermotor.

GEMAK BEGIN HIER...



- Anatomiese snit vir volmaakte pas
- Maksimum lig-gaamsondersteuning
- Supersagte gekamde katoen
- Ogiestof of 'Interlock'
- Drie ontwerpe om van te kies

PLUS

- „Nix“ Reknylon-amper-broekies
- Veelkleur-katoenbroekies

Wolnit

-ONDERKLERE

VIR GEMAK EN DUURSAAMHEID

ORAL BY VOORAANSTAANDE HANDELAARS

Tegnieke om die Groeiproses van Wolvesels te Bestudeer

Die afgelope tien jaar het die elektronmikroskopié 'n belangrike bydrae tot ons kennis van die aard en struktuur van wolvesels en wolfollikels gelewer en die brug gespan tussen die vlakke waarop strukture met X-straal diffraksie bestudeer word en dié wat direk met die ligmikroskoop waargeneem kan word. Die toepassing van X-straal diffraksietegnieke is egter hoofsaaklik beperk tot die geordende gebiede in die struktuur van die vesel terwyl elektronmikroskopie nie aan dié beperking onderhewig is nie.

In die meeste gevalle is die monsters wat bestudeer moet word egter te dik om direk met behulp van transmissie-elektronmikroskopie ondersoek te word en is dit noodsaaklik om gebruik te maak van replikasie, die sny van ultradun snitte of ander voorbereidings-tegnieke. Wanneer die korteksstruktuur van wolvesels en die fynere struktuur van follikels bestudeer word, word hoofsaaklik gebruik gemaak van baie dun snitte.

Om die snitte te kan maak, word die wolvesels en follikels eerstooraf chemies behandel en dan baie sorgvuldig ontwater. Daarna word dit in sintetiese harse soos Epon en Eraldite ingebed. Die monsters word dan by 'n lae temperatuur 'n paar uur verhit sodat die harse polimeriseer en hard word. Nou is die monsters geskik om met behulp van die ultramikrotoom gesny te word.

Terwyl die gewone mikrotoom snitte in diktes van mikron sny, word dit in geval van die ultramikrotoom in diktes van angstrom, wat tien duisend keer dunner is, gesny. Om dit te kan doen, word glasmesse en soms ook diamantmesse gebruik. Die glasmesse word van spesiale glas en volgens 'n besondere tegniek „gemaak“ deur 'n apparaat, wat vir hierdie doel ontwerp is.

Voordat 'n mes in die mikrotoom geplaas word, word 'n klein „bootjie“ reg teenoor die snykant van die mes vasgeheg. In hierdie bootjie word 'n mengsel van water, alkohol en asetoon gegooi sodat die snitte, namate hulle gesny word, van die snykant van die mes op die vloeistof kan dryf, vanwaar hulle dan direk met behulp van klein roostertjies opgetel word en elektromikroskopies bestudeer word.



D R. J. G. S N Y M A N

Professor: Skaapteelt en wolkunde

Links: Die apparaat waarmee die glasmesse „gemaak“ word.

Middel: Die kontrole-eenheid wat die dikte van die snitte outomaties beheer.

regs: Die monster (vesels of follikels) wat in hars ingebed is, word in 'n kloukop vasgedraai. Die glasmes waarop 'n bootjie gemonteer is, word in die meshouer van die mikrotoom vasgeklem. Die fyn instelling van die snykant van die mes op die monster, die snyaksie en die optel van geskikte snitte word met 'n stereomikroskoop gedoen. Die rooster waarmee die snitte vanaf die vloeistofoppervlakte opgetel word, word met die pinset reg op die voorgrond vasgeklem.



Gelofte van Graduandi in die Verpleegkunde aan die Universiteit van Stellenbosch

By ontvangs van my Graad in die Verpleegkunde aan die Universiteit van Stellenbosch en by my toetrede tot die verplegingsberoep, verbind ek my plegtig om :

My aan die diens van die mensheid te wy;

Die eerbaarheid en edele tradisies van my beroep met waardigheid en op gewetensvolle wyse te handhaaf;

Te strewe na die behoud van die menslike lewe van sy begin af tot aan sy natuurlike einde;

Die bevordering van die gesondheid van my pasiënt as my vernaamste plig te beskou;

Alle vertroulike inligting omtrent my pasiënt nougeset te bewaar;

My altyd op eerbare wyse teenoor kollegas te gedra;

Die aansien van my Universiteit steeds te bevorder en diegene wat my onderrig het, met eerbied en erkentlikheid te bejewen.

Die eerste finale jaar studente vir die graad B.A. in Verpleegkunde, November 1966.

Voor v.l.n.r.: Mej. I. M. Hofmeyr (dosente), prof. F. D. du T. van Zijl (Dekaan, Fakulteit Geneeskunde), mej. E. C. Hellström (dosente); Agter v.l.n.r.: Mej. E. Erasmus, D. M. Visser, H. J. E. Brand, E. M. M. Blaauw.



Universiteitsnuus

Gradedag- en Diplomaplegtighede

Op 8 en 9 Desember 1966 is 890 grade en 383 diplomas deur die Universiteit toegeken.

Die volgende persone het doktorsgrade verwerf : Mn. J. R. Bester, D.Phil.; mej. G. E. C. Heydorn, D.Phil.; mnr. B. V. Burger, D.Sc.; mev. M. C. Olivier (geb. Schoeman), D.Sc.; mnr. B. F. Thiart, D.Sc.; mnr. T. C. Smit, D.Ed.; mnr. G. Stander, D.Ed.; mnr. J. A. Nel, D.Sc. in Landbou; Mn. F. N. Lee, D.Th.; ds. D. J. M. Terblanche, D.Th.; mnr. A. E. Scheukogel, D.Comm.; mnr. A. Schoeman, D.Comm.; mnr. J. J. Wannenburg, Ph.D. (Ing.) en mnr. J. J. W. van Zyl, M.D.

Die Universiteit van Stellenbosch vereer Staatkundige Leiers

Op 9 Desember 1966 is die graad D.Phil., honoris causa, aan drie groot leiers op staatkundige gebied, t.w. Sy Edele B. J. Vorster, Sy Edele J. J. Fouché en Sy Edele P. O. Sauer verleen. Vir die Raad en die Senaat van die Universiteit was dit 'n besondere eer om geleentheid van die laaste akademiese ver-

rigtinge in die Eeu feesjaar drie van sy welbekende oud-studente op hierdie terrein te vereer.

Dr. B. J. Vorster is gebore in Jamestown en het op Stellenbosch die grade B.A. en LL.B. verwerf. Hy is die sesde Matie wat in 'n onafgebroke ry premier van Suid-Afrika geword het. Sy luisterryke voorgangers was genl. J. C. Smuts, genl. J. B. M. Hertzog, dr. D. F. Malan, adv. J. Strydom en dr. H. F. Verwoerd.

Sy loopbaan was interessant, vol aksie, vol aandoenlikheid en spanning -- in stygende lyn van regterpresident H. S. van Zijl tot die man wat eenparig deur die koukus van die Nasionale Party gekies is om wyle dr. Verwoerd, sy eertydse professor en latere politieke leier, op te volg. Hy is 'n man wat self kan debatteer, maar oor wie ook baie reeds gedebatteer is en nog sal word.

Hierdie gelowige, hartlike en toegewyde man het oopregte liefde vir sy medemens, kinders en jongmense. Sy raad aan studente : „As jy sukses wil behaal, moet jy hard werk en hoog mik,” word deur homself uitgeleef.

V.l.n.r.: Dr. J. S. Gericke (Vise-Kanselier), dr. P. O. Sauer, dr. T. E. Dönges (Kanselier), dr. B. J. Vorster, dr. H. B. Thom (Rektor), dr. J. J. Fouché.





Aan sy sy staan die waardige, troue, opofferende mev. Tinie Vorster, ook 'n oud-Matjie, aan wie ons ryke gelukwense en diepe waardering bring.

Dr. J. J. Fouché is op 6 Junie 1898 op Wepener gebore. Na sy skoolopleiding in Bloemfontein en Paarl het hy sy studie op Stellenbosch voortgesit. Daarna het hy in Rouxville gaan boer en in 1938 tot die staat-kundige lewe toegetree, maar eers in 1941 die Smithfieldse setel verower.

Van 1951 tot einde 1959 was hy administrateur van die Vrystaat waarna hy Minister van Verdediging geword het. Dit is veral op militêre terrein waar hy uitgeblink het deur die bewerkstelliging van goeie samenwerking tussen Afrikaans- en Engelssprekendes, die modernisering van krygstuig vir die leër, vloot en lugmag en die oprigting van krygstuigfabrieke ten spye van boikotte.

Ononderbroke militêre opleiding van nege maande is vir jong burgers ingestel. Tans word jaarliks meer as 16,000 burgers opgelei, terwyl dit voor 1960 slegs 3,000 was. Hy is tans Minister van Landbou-tegniese Dienste en Waterwese waar hy ook reeds belangrike beslissings moes neem.

Dr. Paul Olivier Sauer is in 1898 te Wynberg gebore, as seun van die ou politieke gestalte, mnr. J. W. Sauer.

Tydens die gradedagnoenmaal op 9 Desember 1966.
V.l.n.r.: Sy Ed. J. N. Malan (Administrateur van Kaapland), mev. H. B. Thom, Sy Ed. dr. B. J. Vorster (Eerste Minister) en mev. T. E. Dönges.

Na sy studie aan die Universiteit van Kaapstad en in Landbou aan die Universiteit van Stellenbosch het hy tot die politiek toegetree. In 1929 het hy L.V. vir Victoria-Wes geword en in 1933 vir Humansdorp tot hy in 1965 senator geword het.

In 1948 word hy Minister van Vervoer en behartig hy daarna nog die Departemente Spoorweë, Lande, Besproeiing, Bosbou en Openbare Werke tot 1965.

Hy het onkreukbare beginselvastheid en lojaliteit gepaar met wellewendheid en milde menslikheid selfs teenoor sy teëstanders.

Op 24 April 1926 het hy lid geword van die Raad van die Universiteit waarin hy as een van die getrouste lede gedien het oor meer as veertig jaar. As Minister van Lande het hy deur wetgewing dit moontgemaak dat die Staat ook vir doeleindes van hoër onderwys grond mag onteien, waardeur die Universiteit van Stellenbosch o.a. die plaas Coetzenburg kon aankoop. As Minister van Bosbou het hy o.a. die Universiteite van Natal en Stellenbosch d.m.v. 'n groter hulptoelaag gehelp om toereikende huisvesting te verkry en 'n uitgebreide navorsingsprogram te ontwikkel.



Kanselier se medalje

Die Kanselier van die Universiteit Stellenbosch, Sy Ed. T. E. Dönges, stel jaarliks 'n goue medalje beskikbaar vir uitlowing aan die beste finalejaarstudent aan die Universiteit.

Hier oorhandig die Kanselier dit aan mnr. G. E. Burger, M.Sc., vir die jaar 1966.



Hulle sal onthou word

In die Eeu feesjaar is spesiale hulde gebring deur die Universiteit van Stellenbosch aan sy Kanselier en Vice-Kanselier van wie skilderye laat maak is om in die Raadsaal te hang.

Die onthulling van die skildery van die Kanselier, dr. T. E. Dönges, in die Raadsaal.

V.l.n.r.: Dr. J. S. Gericke (Vise-Kanselier), dr. T. E. Dönges (Kanselier), mnr. Neville Lewis (die kunstenaar) en prof. Thom (Rektor).

Dr. J. S. Gericke is Vise-Kanselier en Voorsitter van die Universiteitsraad. Hy is lid van die Universiteitsraad sedert 1948.

V.l.n.r.: Dr. P. O. Sauer (wat die skildery onthul het), dr. Gericke en die Rektor, prof. H. B. Thom.



Nuwe Aanstellings

Die volgende nuwe dosente is aan die begin van 1967 aan die Universiteit van Stellenbosch aangestel :

Prof. W. E. G. Louw, hoogleraar in Afrikaans-Nederlands :

Prof. Louw het die besluit van die Universiteitsraad om die professoraat in Afrikaans-Nederlands (wat prof. W. J. du P. Erlank op 31 Desember 1966 ontruim het) aan hom aan te bied, aanvaar met ingang 1 Januarie 1967.

Prof. Louw het die grade B.A. (1933) en M.A. (met eersteklas honneurs) aan die Universiteit van Kaapstad behaal. Sy doktorale eksamen, met hoofvak Nederlandse Taal en Letterkunde, is in 1939 aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam afgelê. In 1941 het hy die graad Ph.D. aan die Universiteit van Kaapstad behaal op proefskrif : „Die invloed van Gorter op Leopold . . . 'n Bydrae tot die studie van Sensitivisme”.

Prof. Louw het begin as junior lektor in Nederlands en Afrikaans aan die Universiteit van Kaapstad (1935), was Sekretaris van die Afdeling Vryetydsbededing van die Reddingsdaadbond (1941-1943), was hoogleraar in Nederlands en Afrikaans te Rhodes

Prof. W. E. G. Louw



(1944-1957) en sedert 1958 was hy met onderskeiding Kunsredakteur van *Die Burger*.

Hy dien in die besture van talle liggeme soos van die F.A.K., die Raad van die Universiteit van Kaapstad, K.R.U.I.K. en ander kulturele liggeme.


Sedert die verskyning van sy eerste versebundel „Die Ryke Dwaas” in 1943 het nog drie bundels verse, vier prosawerke, twee bundels essays en twee vertalings uit sy pen gevloeい.


Dr. O. Wipplinger is met ingang 1 Februarie 1967 aangestel as professor in Siviele Ingenieurswese. Hy het die B.Sc.- en M.Sc.-grade in Siviele Ingenieurswese aan die Universiteit van Kaapstad behaal en in 1953 die D.Sc.-graad te Stellenbosch.

Prof. Wipplinger is lid van 'n groot aantal statutêre liggeme, o.a. is hy Voorsitter van die S.W.A.-Waterraad en lid van die Wetenskaplike Adviesraad van die Eerste Minister. Hy het al baie navorsing gedoen oor waterbewaring en 'n belangrike aandeel gehad in besondere projekte soos die eerste waternavorsingsprogram vir S.W.A., die Hardapskema en planne vir die benutting van die Kunene-rivier.

Dr. Wipplinger het reeds verskeie reise na Europa, die V.S.A. en Afrika-lande afgelê. 'n Hele aantal publikasies deur hom het reeds verskyn.

Dr. O. Wipplinger





Dr. B. H. Koeppen



Dr. J. W. R. de Villiers

Dr. B. H. Koeppen is met ingang van 1967 bevorder tot professor in Voedselwetenskap. Prof. Koeppen het sy opleiding aan die Universiteit van Stellenbosch gehad en die graad D.Sc. in Voedseltegnologie in 1961 verwerf. Hy het o.a. 'n studie gemaak van die fenoliese bestanddele van rooibostee.

Prof. Koeppen het reeds ongeveer twintig wetenskaplike publikasies die lig laat sien. Hy het so pas teruggekeer na 15 maande se navorsing aan die Institut für pharmazeutische Arzneimittellehre in München.

Mnr. H. J. Heydenrich as senior lektor in Veeteelt.

Mnr. M. v. S. Hamman, senior navorsingsbeampte by die Raad op Atoomkrag met ingang 1 April 1967 as senior lektor in Verkoelingsingenieurswese, 'n nuwe studierigtig aan die Universiteit.

Mnr. F. J. J. Louw met ingang 1 Julie 1967 as lektor in Opvoedkundige Sielkunde.

Mnr. J. P. Jordaan as lektor in Erflikheidsleer.

Mnr. J. P. Theron met ingang 1 April 1967 as administratiewe beampte van die Universiteit om in Bellville diens te doen.

Mnr. Ivor Potgieter, bekende atletiekfrigter en dans 'n departementshoof aan die Johannesburgse Onderwyskollege is met ingang 1 Maart 1967 aangestel as Eerste Administratiewe Beampete in die Afdeling Sport van die Universiteit. Hy sal ook kursusse en kongresse van akademiese belang organiseer.

Mnr. E. G. Mesk, voorheen skoolsielkundige van die Kaapse Departement van Onderwys, as studentevoorligter in die Buro vir Studentevoorligting van die Universiteit.

Mnr. A. Gouws as lektor in Sielkunde.

Mnr. T. G. Walters, voorheen Inspekteur van Kuns, as lektor in Kunslyt in die Fakulteit van Opvoedkunde.

Mev. Gudrum Barrella as lektrise in Sang aan die Konservatorium vir Musiek.

Mnr. H. B. Giliomee as lektor in Geskiedenis.

Mnr. G. K. H. Töttemeyer as lektor in Staatsleer.

Mej. R. C. Smit, voorheen hoof van die Hoërskool vir Meisies, Worcester, as lektrise in Engels (Opvoedkunde).

Mnr. J. P. Jordaan as lektor in Erflikheidsleer.

Die volgende Dosente is Bevorder

Dr. J. W. R. de Villiers is met ingang 1 Januarie 1967 bevorder tot professor in Toegepaste Wiskunde.

Dr. De Villiers het die grade B.Sc. Ing., Cum Laude (1949) en M.Sc. (Toeg. Wisk.) Cum Laude (1963) aan die Universiteit van Stellenbosch behaal en die graad Ph.D. in 1966 aan die Universiteit van Cambridge.

Gedurende 1950–1954 het dr. De Villiers die pos van Assistent-Ingenieur by die S.A. Spoorweë beklee. In 1955 is hy aangestel as senior lektor in Werkuitkundige Ingenieurswese aan die Universiteit van Stellenbosch. Sedert 1964 beklee hy die pos van senior lektor in Toegepaste Wiskunde aan die Universiteit van Stellenbosch.

Gedurende Oktober 1964 tot Oktober 1966 het hy navorsing aan die Universiteit van Cambridge gedoen in verband met die Elastisiteitsleer.

Mej. M. W. Paterson tot senior lektrise in Engels.

Mnr. P. J. van Zijl tot lektor in Semitiese Tale.

Nuwe Kursusse

Hidroulika en Kusingenieurswese

Sy Ed. J. F. W. Haak, Minister van Beplanning, het op 9 Februarie 1967 aangekondig dat die W.N.N.R. se afdeling hidromeganika van Pretoria na Stellenbosch verskuif word.

Hierdeur sal 'n groot sentrale eenheid vir navorsing in hidroulika en kusingenieurswese op Stellenbosch ontwikkel. Daar is 'n ernstige en stygende vraag na die dienste van so 'n eenheid.

Sy Ed. J. F. W. Haak

Die W.N.N.R. sal die eenheid in oorleg met die Departement van Siviele Ingenieurswese van die Universiteit van Stellenbosch oprig. Opleiding sal op voor-en nagraadse vlak geskied waardeur die Ingenieursfakulteit aansienlik verder sal uitbrei.

Die Universiteit van Stellenbosch het reeds 'n belangrike projek i.v.m. die Bergvliermond uitgevoer. 'n Volledige artikel met foto's hieroor het in *Matieland* van Desember 1961 verskyn.

Die B.Sc. in Landbou met *Dierefisiologie* as hoofstudierigting sal nou ook lei tot nagraadse studie in Landbou vir Hons.-B.Sc., M.Sc. en D.Sc., volgens besluit van die Universiteitsraad.

Die Universiteitsraad het besluit om met ingang 1967 'n Nagraadse Diplomakursus in Voorligtingsielkunde in te stel. Dit sal oor drie jaar strek. As deel van die opleiding word praktiese ondervinding onder toesig vereis, soortgelyk aan die ondervinding verbonden aan die internskap-jaar in 'n hospitaal in die geval van medici.

Die Abe Bailey-Trust het besluit om 'n professoraat in die Dept. van Afrika-studie aan die Universiteit van Stellenbosch te bekostig. Ter erkenning sal die leerstoel bekend staan as die Abe Bailey-Leerstoel.




Foto onder :

Universiteitsdosente in die Regte tydens 'n onthaal
deur die rektor, prof. H. B. Thom.
V.l.n.r.: Prof. Ben Beinart (Kaapstad), prof.
W. M. van der Westhuizen (Stellenbosch),
prof. Thom, hoofregter L. C. Steyn, prof.
W. A. Joubert (Universiteit van Suid-Afrika).

Foto heel onder :

Oorhandiging van 'n boekeskenking deur B.O.A.C.
aan die Universiteit met die oog op die kursus in
Lugvaartkundige Ingenieurswese op 11 November
1966 in die Africanakamer, Carnegie Biblioteek.
V.l.n.r.: Prof. H. B. Thom (Rektor), mev. Granville,
mnr. Keith Granville (Adjunk-Voorsitter van die
B.O.A.C.) en prof. J. F. Kemp (professor in
Werktuigmindige Ingenieurswese).





Die Departement van Huishoudkunde van die Universiteit het, in samewerking met die Wes-Kaaplandse tak van die S.A. Vereniging vir Dieetkundiges en Huishoudkundiges, 'n opknappingskursus aangebied wat besonder geslaagd was. Die kursus is op 7 Februarie deur Sy Edele W. A. Maree, Minister van Gemeenskapsbou, Openbare Werke, Volkswelsyn en Pensioene waargeneem. Die tema van die kursus was:

Huishoudkunde in 'n veranderde samelewning :
Die bydraes van die Sosiale Wetenskappe.
Mevv. W. Giliomee en E. Boshoff het die kursus georganiseer.

Op die foto verskyn v.l.n.r.:
Mev. E. Boshoff; mnr. A. J. Esterhuyse, openbare inligtingsbeampte van die Universiteit; prof. M. Jooste, hoof van die Departement van Huishoudkunde; Sy Edele W. A. Maree en mev. W. Giliomee.

Van 1967 bied die Universiteit van Stellenbosch nuwe rigtings in Huishoudkunde. Graadkursusse word in vyf nuwe rigtings aangebied en 'n nuwe graad nl. *Baccalaureus in Huishoudkunde* is ingestel. Kleding-interieur is een van die nuwe hoofvakke. Sosiale wetenskappe soos Ekonomiese en Sosiologie word ingesluit.

Nog 'n nuwe kursus is vir gegradsueerde in die voedselvoorsieningbedryf wat studente sal toeris om aan die hoof van nywerheidsoedingskemas te staan. Die *B.Sc.-graad in Huishoudkunde* maak ook voorstiening vir die opleiding van onderwyseresse en voorligtingsbeamptes.

Stellenbosch : Tot U Diens !

Aan die begin van die jaar het die volgende vergaderings en somerkursusse op Stellenbosch plaasgevind :

- 23-27 Januarie 1967 : Jaarlikse vergadering van die Taalkommissie van die S.A. Akademie en Kuns.
26 Januarie : 'n Boeredag gereel deur die Durbanville Boerevereniging in samewerking met die Departement van Veeteelt van die Universiteit.
28 Januarie : Vergadering van Universiteitsdosente in die Regte oor Regsopleiding aan die Suid-Afrikaanse Universiteite met besondere verwysing na die struktuur en inhoud van graad- en diploma-leergange.
6-10 Februarie : Somerskool in Vervoerbestuur gereel deur die Universiteit se Sentrum van Vervoernavoring in samewerking met die Suid-Afrikaanse Padfederasie.
7-9 Februarie : Opknappingskursus deur die Departement van Huishoudkunde in samewerking met die Wes-Kaaplandse tak van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Dieetkundiges en Huishoudkundiges.
8-9 Maart : Die jaarlikse vergadering van die Mediese Navorsingskomitee van die W.N.N.R.

Gaste teenwoordig tydens 'n onthaal, aangebied deur die Rektor en mev. H. B. Thom, aan persone wat die somerkursus in padvervoerbestuur bygewoon het.
V.l.n.r.: Mnre. J. J. Burger (S.A.S.), H. M. Braun (Cargo Motorkorporasie Bpk.), Sy Ed. C. W. Marais (Burgemeester van Stellenbosch), prof. C. A. du Toit en mnr. R. P. Conradie (Registrateur).



Twee maal meer Medici

Wanneer die nuwe opleidingshospitaal te Tiervlei voltooi is, sal dit 1,200 beddens hê. Dan sal twee maal soveel studente as tans deur die Universiteit van Stellenbosch se Fakulteit van Geneeskunde kan opgeleid word!

Dosente Oorsee

Mnr. N. J. le Roux van die Departement Sielkunde sal van September vanjaar twee jaar verder gaan studeer aan die Universiteit Cambridge met behulp van 'n Strakosch-stipendium.

Dr. A. C. Esterhuizen van die Departement Fisiologie sal ses maande voltyds gaan navorsing doen aan die Universiteit Cardiff.

Mnr. B. Bouwer, senior lektor in Wiskundige Statistiek, is uitgenooi om 'n referaat te lewer op die Internasionale Konferensie van „International Contact on Business Tendency Surveys“ aanstaande Mei in Parys, Frankryk.

*Van hierdie dosente wat vertrek of afgetree het, is op 23 November 1966 deur die Rektor en mev. Thom tydens 'n geselligheid afskeid geneem.
V.l.n.r. voor: Prof. en mev. R. Truter,
dr. en mev. H. B. Thom, dr. en mev.
W. J. du P. Erlank.*

*Agter: Mej. B. K. Easton, mnr. en mev.
J. L. Badenhorst, dr. en mev. S. J. Pretorius,
dr. en mev. M. C. H. Sonnekus.*

Mnr. P. J. Lombard, Direkteur van Ontwikkeling van die Universiteit van Stellenbosch, het in Maart 1967 ingevolge die V.S.A.-S.A. Leiersuitruilprogram na die Verenigde State van Amerika vertrek, waar hy 'n studie sal maak van universiteitsfinansies, -beplanning en -ontwikkeling. Hy sal drie maande in die Verenigde State van Amerika vervoeg en daarna sal hy ook universiteite in Engeland, Frankryk, België, Holland en Wes-Duitsland besoek.

Mnr. Lombard is deur sy eggenote vergesel. Hulle verwag om teen die helfte van Augustus 1967 na Suid-Afrika terug te keer.



Na Kaapstad

Prof. J. J. Doesburg, hoogleraar in Voedselwetenskap, het op 30 September 1966 uit die diens van die Universiteit getree om 'n betrekking by die Visnywerheidsnavorsingsinstituut, Universiteit van Kaapstad, te aanvaar.

Prof. Doesburg het in Augustus 1964 uit Wageningen, Nederland, na Stellenbosch gekom om die vakante betrekking as hoogleraar in Voedselwetenskap te aanvaar. Sy verblyf aan die Universiteit was dus kort, maar vrugbaar.


Prof. Doesburg is 'n onvermoeide navorser. Benevens 'n groot aantal wetenskaplike artikels het hy onlangs ook 'n boek oor pektien die lig laat sien. Hy is tans ook voorsitter van die Kaapse tak van die Suid-Afrikaanse Voedselwetenskaplike Vereniging. Die Departement van Voedselwetenskap asook die Navorsingsinstituut vir Vrugte- en Voedseltegnologie sal prof. Doesburg baie mis, en wens hom en sy gesin sukses en sterkte toe in die nuwe betrekking.

Mnr. Fred Stiglingh, Alumni- en Ontwikkelingsbeampte van die Universiteit, wat vanaf 1 April in 'n senior uitvoerende hoedanigheid as skakelbeampte van die Ou Mutual aangestel is, was die afgelope ses jaar verbonde aan die Departement van Ontwikkeling.

Hy is veral onder Oud-Maties en sakemanne bekend weens sy verband met die Eeu feesfondsveldtogte van die Universiteit.

Mev. Stiglingh is die afgelope paar jaar sekretaresse van die Vroue vereniging van die Universiteit in welke hoedanigheid sy waardevolle diens gelewer het.

Mnr. Fred Stiglingh



Na Pretoria

Prof. M. C. H. Sonnekus het aan die begin van 1963 sy betrekking aan die Universiteit van Stellenbosch aanvaar as professor in die opvoedkundige sielkunde en hoof van die departement opvoedkundige sielkunde en die kinderleidingkliniek. Hy het hierheen gekom vanaf Pretoria waar hy senior lektor in die opvoedkunde was, en nou gaan hy terug na Pretoria om hoofsaaklik 'n nagraadse navorsingspos te beklee.

Hier op Stellenbosch aan ons Fakulteit van Opvoedkunde het prof. Sonnekus uitstekende werk gedoen. Veral die kinderleidingkliniek het onder sy leiding 'n besondere ontwikkeling deurgemaak waar honderde kinders met gedrags- en leerprobleme elke jaar met sukses behandel word. Van die goeie werk en waardevolle diens wat die kliniek lewer, getuig die feit dat die Universiteit van Stellenbosch jaarliks 'n ruim subsidie vir hierdie kinderleidingkliniek van die Kaaplandse Onderwysdepartement ontvang. Sy akademiese sukses blyk verder uit die belangrike toename in die getal M.- en D.-graadstudente in die opvoedkundige sielkunde gedurende die afgelope paar jaar.

Mnr. J. L. Jordaan is met ingang 1 April die nuwe Alumni- en Ontwikkelingsbeampte in die Departement van Ontwikkeling van die Universiteit van Stellenbosch. Hy is tans sekretaris van die Ceres Vrugtekewkers Koöperasie. Mnr. Jordaan het die B.Comm.-graad aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf en het die afgelope 22 jaar in verskeie hoedanighede in die sakewêreld gestaan.

Mnr. J. L. Jordaan



Nuus van Oud-Matiefbondtakke

POTCHEFSTROOM

Die geesdriftige sekretaris, mnr. C. W. Gertenbach, vertel van die Eeufees-Dinee van hulle tak op 15 Oktober 1966. Sewentig Oud-Maties en hul gades wat tot 70 myl ver van Ottosdal gekom het, het aangesit. Hy kla oor die afwesigheid van die jonges by wie die gees ontbreek. (Dalk bring latere ouderdom en heimwee hulle ook eendag terug na hulle kraal! Red.)

Daar was 'n treffende spyskaart en heerlike ete. Die deurlugtige sprekers, dr. H. L. Swanepoel met sy heil-dronk op die Universiteit en regter V. G. Hiemstra wat homself „Very Good” genoem het, het aan die geleenthed luister verleen.

Oor 'n paar opmerkings van regter Hiemstra kan nagedink word : Die Russe is hartlik en gasvry – baie soos die Vrystaters – en hulle professore word beter betaal as op Stellenbosch !

Die nuwe komitee vir 1967 bestaan uit mnre. Peet v.d. Walt (Voorsitter); Jack Brevis (Eresekretaris); ander lede : J. H. Preller, Koos Maree, Stephan Lesch en dr. Piet van der Merwe (Viljoenskroon).

WINDHOEK

Die Oud-Matiefbond van Windhoek is herstig. Op rekord is 120 Oud-Maties, maar die bestuur glo dat daar nog heelwat meer in en om Windhoek is. Die nuwe bestuur is : Mnre. D. J. Lombard (Voorsitter), A. J. Louw (Sekretaris), S. J. de Beer, H. N. de Wet, adv. G. J. C. Strydom en mev. W. von Kleist.

LONDEN

Mnr. R. B. Hinds (B.Sc.-Landbou 1962), enigste oorlewende van 'n noodlottige motorongeluk 1958, laat weet dat hy voornemens is om 'n tak van die Oud-Matiefbond in Londen te stig.

Laatberig: *Matieland* het so pas weer van mnr. Hinds verneem dat die idee van 'n Oud-Matiefbondtak in Londen haas 'n werklikheid begin word. Op 25 Januarie het mej. Somarie Jooste, mev. Alma Jooste, en mnre. John van der Westhuizen, Fony Findley en Robert Hinds, byeengekom en voorlopige samesprekings gevoer. 'n Byeenkoms is gereël vir 18 Februarie en wie weet miskien word die eerste Oud-Matiefbondtak buite die grense van Suid-Afrika 'n werklikheid! *Matieland* sien met belangstelling uit na verdere nuus.

Van Heinde en Ver

Mnr. P. D. Barnard het einde 1965 afgetree as onderhoof van die hoërskool op Port Shepstone. Hy bly daar woon en nooi besoekende Oud-Maties vir 'n potjie rolbal of gholf.

Dr. P. B. van der Watt, D.Th. Cum Laude 1964, het op 27 Sept. 1966 vertrek na die Vrije Universiteit, Nederland, vir verdere studie onder prof. Nauta. Hy is tans besig met sy D.D.-proefskrif onder leiding van prof. T. N. Hanekom.

Dr. Helmut Morsbach (M.Sc. in Sielkunde 1960) voorheen dosent op Rhodes, het in Februarie na Japan vertrek waar hy gaan doseer aan die „International Christian University”, Mitaka, Tokyo. Dit is 'n private Amerikaanse universiteit en is maar een van Tokyo se 78 universiteite. Die klasse word in Engels en Japannees gegee. Sy belangstelling lê by interkulturele vergelykings in die Sosiale Sielkunde. *Matieland* sien baie uit na 'n briefie oor sy ondervindinge daar.

Mnr. Bill J. van Niekerk (M.A., S.O.D.) is vanaf 1963 dosent in die Dept. Volkekunde van die Universiteit van Suid-Afrika. Hy doen reeds geruime tyd regsnavoring onder die Tswana. Sy vrou, Anneke (Rossouw) (B.A., S.O.D.), was hoofsaaklik verantwoordelik vir die ontdekking van 'n interessante argeologiese werkplaas te Kolobeng in Botswana.

Prof. W. J. du P. Erlank wat aan die einde van 1966 afgetree het as hoogleraar aan die departement van Afrikaans-Nederlands het 'n aanbod van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap aanvaar om as kulturele attaché na Nederland te gaan.

Prof. Erlank is deeglik toegerus vir hierdie belangrike taak as stigter en lid van talle Afrikaanse kulturele organisasies en as skrywer en as vertaler van hoogstaande werk. Sy persoonlike eienskappe van innemendheid en humorsin maak hom bemind by diegene met wie hy in aanraking kom.

Matieland wens hom en mev. Erlank 'n aangename, vrugdraende verblyf toe in die land waar hy as student reeds drie jaar vernoef het.

Mnr. Pieter Kapp (Honneurs-B.A. Geskiedenis, Cum Laude, 1959; S.O.D. 1961) is van 1 April 1966 aangestel as navorser by die A.T.K.V. se Instituut vir Volkskultuurnavorsing. Hierdie Instituut, die enigste van sy soort in die land, staan in noue verband met die leerstoel in Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde op Stellenbosch, die instelling waarvan moontlik gemaak is deur 'n skenking van R100,000 deur die A.T.K.V. Die Instituut word beheer deur proff. H. B. Thom, A. Coetzee, J. Pieterse en J. H. Coetze.

Gedurende sy studentejare was mnr. Kapp o.a. redakteur van *Die Matie*, sekretaris en ondervorsitter van die S.R. en vise-president van die A.S.B. Van Julie 1962 tot Maart 1966 was hy onderwyser aan die Paul Roos-Gimnasium.

Mnr. K. R. Cabrita, bestuurder van Grosvenor Motors, skryf dat mnr. F. H. Ferreira met ingang 1 Augustus 1966 aangestel is as „Industrial Relations Manager” in die firma Ford South Africa. Mnr. Ferreira het in Julie 1956 by die Departement Opleiding van die Fordmaatskappy aangesluit en is sedertdien bevorder tot „Labour Relations and Hourly Personnel Manager”. Vanaf die begin van 1966 was hy „Salaried Personnel and Management Planning Manager”.

Mnr. Cabrita sê hy voel dit is van besondere belang vir ons, aangesien mnr. Ferreira 'n gegradeerde van die Universiteit van Stellenbosch is.

Prof. S. J. Pretorius wat verlede jaar as registrator van die Universiteit van Stellenbosch met pensioen afgetree het, is as lid van die Beheerkomitee van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek van die Universiteit aangestel.

BUITELANDSE WAARDERING

„Vor einigen Tagen war hier Herr Prof. Brede und hat 2 ausserordentlich interessante Vorträge gehalten, die grösstes Aufsehen wegen des vorbildlichen Vortrags und des ausgezeichneten, wissenschaftlichen Inhaltes fanden!”

(w.g.) Prof. C. M. Hasselmann,
Der Dermatologischen Universitäts-Kliniek,
Erlangen. (20.12.1966.)

DANKIE STANDERTON

Mnr. N. J. Visser, voorsitter van Standerton se Amateur Atletiekklub, skryf onder datum 9 Januarie 1967 na aanleiding van die besoek van die Universiteit van Stellenbosch se atletiek-toerspan 25-28 November 1966: „Dit is vir my werklik aangenaam om my klub

se gelukwensing aan u oor te dra vir die puik gedrag van u studente wat by privaat gesinne huis gegaan het wat almal met die grootste lof van die besoekers praat. Met puik vertonings het hulle beide Suid-Transvaal B en Oos-Transvaal geklop. Standerton sal hulle graag weer as gaste ontvang.”

VERTEL WAT MOOI IS

Sulke goeie nuus hoor *Matieland* graag om oor te dra aan Ouers, Vriende, Donateurs en Oud-Maties. U vriend sal waarskynlik swyg oor sy prestasie, maar u moet daarvan vertel.

Die Goeie Oue Tyd

GRADEPLEGTIGHEID

21 AUGUSTUS 1901

In 1901 was nog net die „University of the Cape of Good Hope” geregtig om grade aan studente van die Victoria Kollege en die Suid-Afrikaanse Kollege toe te ken.

Die kanselier van genoemde Universiteit, die Hertog van Cornwall en York, nl. die latere George V van Brittanje, was destyds op 'n reis om Australasië, Suid-Afrika en Kanada te besoek. Hy sou die gradeplegtigheid waarneem.

Die Hiddingh-saal was vol hoë amptenare, belangstellendes en studente wat jolyt gemaak het. Toe die vader van die huidige dr. Paul Sauer die saal binnekree, sing hulle: „Hang old Sauer on the sour apple tree” op die wyse van „John Brown's body . . .”

Met grote waardigheid verskyn prof. Walker op die verhoog om die deurlugtige gas aan te kondig, maar hy word deur 'n student begroet met „Speak up, old cock”.

Bo aan die lys van geslaagde B.A.-kandidate was die naam van Willie Joubert (later professor). Hy moes spesial Kaap toe gaan om onderrig te word oor hoe die nommer een graduandus hom in die teenwoordigheid van 'n kroonprins moes gedra. Omdat die Tweede Vryheidsoorlog daardie tyd gewoed het, wou Willie nie gaan buig voor die Hertog nie, maar dan sou die tweede student, 'n Ikey, daardie eer hê wat eintlik aan die Victoria-Kollege toegekom het.

Willie het dit hom dus maar laat welgeval ter wille van sy Alma Mater en sy graad op 'n besondere wyse ontvang.

A. STADION (B.A. 1902)

Is daar nie nog Oud-Maties wat die dynserige verlede anekdoties wil laat herlew nie? Gee weer gestalte aan die „goeie ou dae”!

Ons Eie Krygskunde

Die hoofrede met die amptelike opening van die Universiteit van Stellenbosch op 22 Februarie 1967 is gelewer deur Sy Edele P. W. Botha, Minister van Verdediging, oor *Ons Eie Krygskunde*. Die gehoor in die stampvolle stadsaal het aandagtig geluister.

Aan die kernagtige toespraak wat boonop oor allerlei aspekte gehandel het, kan ons nie in ons uiters beperkte ruimte laat reg geskied nie. Ons gee dus slegs enkele gedagtes op saaklike wyse weer.

*Die grootste fout wat 'n volk in vredestyd kan maak, is om geen belang te stel in sy militêre strategie en voorbereidende beplanning nie.

*Die Republiek van Suid-Afrika se weermag is uit-sluiklik daar ter verdediging van ons land.

*Dit help nie om slegs militêre planne te hê sonder militêre vermoë nie.

*Veral gedurende die afgelope 25 jaar is daar so-

veel vordering op tegnologiese gebied ondervind dat die militêre leiers van ons tyd aan besonder hoë eise moet voldoen.

*Vandag is die Suid-Afrikaanse weermag met sy Staande Mag, die Burgermag, die Kommando's, op land, ter see en in die lug, 'n magtige verenigende faktor in die Suid-Afrikaanse Volkslewe.

*'n Decca-navigasiestelsel sal teen R6 miljoen al langs ons kuste geïnstalleer word waardeur die posisie van vaartuie op die oop see tot op 25 tree akkuraat bepaal kan word. Om ons binnelandse grens te beskerm, is 'n moderne radarkompleks opgerig vir die vroeë opsporing van vyandelike vliegtuie tot ver buite ons grense om as gids te dien vir ons eie vegvliegtuie.

*Van die uitrusting benodig vir bogenoemde is 75 persent deur ons eie nywerhede vervaardig.

*Met die onttrekking van die Britse Admiraal te Simonstad gaan sy bevelsfunksie nou oor op ons eie Vloothoof binne die raamwerk van 'n groter Britse gebiedsorganisasies.

*Die krygskunde stel ook hoë eise van karaktervaste leierskap, aanpassingsvermoë en inisiatief wat in 'n mate deur die Militêre Akademie en die Ingenieurs-fakulteit van Stellenbosch bevredig word.

*In 1948 was daar 69 gegradeerde offisiere in die staande Mag. Vandag is daar 485.

*Dit is die voorname dat die Kommandant-General 'n Raad van Offisiere, verteenwoordigend van die Leër, die Lugmag en die Vloot, sal aanstel om in oorlog met die Universiteit van Stellenbosch te bepaal of die opleiding aan die Militêre Akademie aan alle vereistes voldoen en watter verbeteringe aangebring kan word.



Sy Edele P. W. Botha, Minister van Verdediging,
spreek die studente toe oor Ons Eie Krygskunde.



Nuwe Geneeskundige Dorp

Die Rektor, dr. H. B. Thom, het met die opening van die akademiese jaar, aangekondig dat op die uitgestrekte perseel van die nuwe groot hospitaal in Tervlei op geneeskundige en tandheelkundige gebiede 'n sieraad vir Suid-Afrika sal verrys. Met sy 1,200 beddens sal dit drie keer groter wees as die Karl Bremer-Hospitaal.

'n Hele geneeskundige dorp sal verrys by dié reuse opleidingshospitaal wat nou deur die Provinciale Administrasie gebou word. Met die bouwerk aan die eerste koshuis by die hospitaal sal binne 'n paar maande begin word.

Foto bo :

Drukke gesprekke word gevoer tydens die noemaal in Minerva na die amptelike opening.

V.l.n.r.: Sy Edele P. W. Botha, dr. H. B. Thom (Rektor), mev. P. W. Botha, dr. J. S. Gericke (Vise-Kanselier).

Foto onder :

Die jeugdige gehoor luister aandagtig na Minister P. W. Botha tydens die amptelike opening van die universiteitsjaar.

Parlementêre en Akademiese Krieket

Op die skilderagtige terrein van Coetzenburg het op 18 Februarie 1967 'n wedstryd plaasgevind wat in die „teken van die tyd“ staan.

Die krieketentoesiaste in die Parlement het 'n vriendskaplike wedstryd kom speel teen die Universiteitsdosente.

Wie het gewen? Natuurlik die Universiteit van Stellenbosch! Met teepartytjies, 'n stewige middag-

maal en heelwat onderbrekings om sosiaal te verkeer, is die parlementêre span se veglus ondermyn. Die noodwendige gevolg was dat die wedstryd onbeslis gêëindig het, maar wat wel beslis is, is dat ou vriendskapsbande hernieu is en nuwes gesluit is.

Ons weet ook dat uit onverwagte oorde nuwe Maties na Stellenbosch sal kom al was hulle vaders nie hier studente nie!

Byna Te Laat Berigte

Tak Umpa Herrys

Van *Umpa* as lied kan ook gesê word: „My doodkry, is min!“ Dieselfde geld vir die Oud-Matiefondtak, Umpa, van Johannesburg wat weer verrys het toe 25 Oud-Maties in die Klub R.S.A. onder leiding van mnr. Ballie de Klerk vergader het op die 15de Februarie.

'n Nuwe bestuur is soos volg saamgestel: Mnre. Ballie de Klerk (voorsitter), Gerhard Visser (sekri.), Jack Burger (tesourier), Jan de Bruyn, Krit Coetzee, Tim Jooste, Ernst Neuland en mej. Lieda van der Westhuizen (lede).

Sal Oud-Maties wat hierdie berigging lees in verbinding tree met mnr. Gerhard Visser, Posbus 8737, Johannesburg?

Die tak Umpa wil eersdaags met sy aktiwiteite begin in die vorm van sosiale byeenkomste en sportfunksies.

So maak Beaufort-Wes

Die Oud-Matiefondtak van Beaufort-Wes wil 'n besondere saamtrek vir 17 Maart reël met die grondgedagte, „Diens aan ons Boeregemeenskap“.

Prof. F. X. Laubscher, professor in Erflikheidsleer, en mnr. A. J. Esterhuyse, openbare inligtingsbeampte van die Universiteit, sal die saamtrek bywoon. Tydens 'n boeresaamtrek op dieselfde dag sal prof. Laubscher die boere toespreek oor „Aspekte van Merinoskaapteelt“.

Die sekretaris, mnr. Eric Wagener, Hoëskool Sentraal, Beaufort-Wes, verwag ongeveer 200 gaste. (Februarie 1967).

Terugblik op 1966 se Rugby

Uit die indrukwekkende jaarverslag van die Rugbyklub Stellenbosch blyk weer eens duidelik dat die bakermat van rugby nog op Stellenbosch is. Hierdie klub wat in 1880 gestig is, beweeg ook so stadigaan na sy eeu fees toe!

Die hoofbestuur het bestaan uit dr. D. H. Craven (Voorsitter); mnr. Jannie Krige (sekretaris); ds. Dawie de Villiers (klubkaptein), mnr. Gert van Wyk (onderkaptein); dr. A. J. du Toit; mnre. A. de Waal, J. Marais, H. van Niekerk en P. Hendriks as gewone lede.

Senior Kompetisies

Die algemene prestasies van die spanne in die senior kompetisies was (vir Stellenbosch) teleurstellend. Uit die agt kompetisies waarvoor Stellenbosch ingeskryf het, kon ons net twee Reserwe-afdelings wen en tog het Stellenbosch I 'n totaal van 300 punte in wedstryde in die Groot-Uitdaagkompetisie behaal. Dit is 34 punte meer as dié van die wenner van die kompetisie, hoewel ons net die vyfde plek behaal het.

Drie spelers, Dawie de Villiers, Hannes Marais en Albie de Waal is egter vir die Gaselle-toerspan gekies.

In die Junior Uitdaagafdeling het ons span die tweede plek verower, maar 306 punte in wedstryde aangeteken teenoor 232 van die wenner van die liga.

Tien Derdespanne

'n Interessante eksperiment is gemaak. Die tien koshuisspanne (Sauer-spanne) het elk 'n kans gekry om die „derdespan” te verteenwoordig en tog het ons die derde plek in die liga gehaal met 228 punte vir en 105 teen ons aangeteken.

Op dieselfde wyse as in die Derdespankompetisie is ook aan die Reserwekompetisies deelgeneem. Al die sowat vyf-en-veertig koshuisspanne het om die beurt Stellenbosch verteenwoordig en dus tegelykertyd die geleentheid gekry om teen die Kaapse spanne te speel. Van die vyf kompetisies het Stellenbosch in vier die meeste wedstrydpunte aangeteken.

Militêre Opleiding en die O 19's

Die verpligte militêre opleiding veroorsaak 'n groot afname in die getal junior spelers. Van 1960 tot 1966 het die getal van 234 geleidelik tot 131 verminder. Nogtans het die O 19-spanne drie van die vier afdelings gewen.

Die O 19 A-span het twee besondere prestasies behaal deur 554 punte aan te teken in 14 liga-wedstryde wat die rekord van 1931 oortref toe 556 punte aangevra is in 16 wedstryde, en deur 'n honderdtal te behaal in 'n wedstryd wat slegs 30 minute aan elke kant geduur het.

Intervarsity

Alhoewel die eerstespan die jaarlike Intervarsity gewen het, het ons span nie te goed gevaaar nie – moontlik weens te veel gerustheid en selfversekering.

Span	Punte
I wen	6–3
II verloor	9–14
III wen	17–5
IV wen	9–3

Totale getal Intervarsities

Maties wen	Ikeys wen	Gelykop
29	18	11
36	15	5
40	12	4
35	15	5

Koshuiskompetisies

Sewe-en-veertig spanne het aan die koshuiskompetisies deelgeneem. Die Sauer-liga is gewen deur Simonsberg, die Dönges-liga deur P.S.O., die Thom-liga deur Simonsberg en die Tiekie-liga deur Simonsberg B.

Die Markötterspan

Die Markötters het vyf wedstryde gespeel. Hulle gedenkwaardigste wedstryd was op 2 April toe hulle teen die Res van Suid-Afrika gespeel het tydens die Eeu fees van die Universiteit van Stellenbosch en met 24–16 verloor het. Dit moet as 'n unieke prestasie beskou word vir een klub om die res van die land aan te durf.

By dié geleentheid was die spanne soos volg: *Res van Suid-Afrika*: B. Mulder, K. Cronje, N. Riley, S. Nomis, T. Truter, J. Barnard, N. Smith (Kapt.), S. van Zyl, D. Walton, H. Parker, J. Ellis, P. Goosen, F. du Preez, A. Janson, L. Nel.

Stellenbosch se Markötterspan: L. du Plessis, J. Engelbrecht, F. Roux, E. Olivier, P. Court, S. Conradie, D. de Villiers (Kapt.), J. Matais, D. van der Merwe, R. Dercksen, G. van Wyk, J. Botha, A. van Wyk, L. Slabber, A. de Waal.

Inter-universitaire Kompetisies

Die Transvaalse Rugbyunie, in medewerking met Wits se rugbyklub, het gedurende die afgelope jaar probeer om 'n gereelde liga tussen die S.A. Universiteite in te stel. So 'n uitklop-liga is inderdaad ook afgespeel, maar Stellenbosch het nie kans gesien om deel te neem nie.

Die Raad en die Sportkomitee van die Universiteit van Stellenbosch se beleid is kortliks soos volg:

- Inter-universitaire sport en kompetisies mag nie die akademiese verpligtings van studente belemmer nie, ondanks die waarde en noodsaaklikheid van gesonde sport.
- 'n Paar jaar gelede is reeds gewaarsku dat inter-universitaire sportbyeenkomste oordryf word en streng tot akademiese vakansies beperk moet word.
- Die plaaslike rugbyprogram is reeds oorvol.
- Hierdie klub sal graag teen ander universiteite speel binne die raamwerk van bogenoemde beleid.

Spreiligte

Die voordele van doeltreffende spreiligte vir aand-rugby is al lank gevoel, maar in die W.P. het pleidooie daarvoor op dowe ore gevallen. Die Raad van die Universiteit het egter die nodige geld vir 'n spreiligestelsel beskikbaar gestel. Die ligte sou op 18 Maart feestelik ingewy word het deur 'n wedstryd tussen U.K.-Oud-studente en U.S.-Oud-studente. Dit kon egter nie plaasvind nie omdat U.K. nie kans gesien het vir 'n harde wedstryd so vroeg in die jaar nie.

1967

Die Rugbyklub Stellenbosch neem vanjaar aan die volgende kompetisies deel :

- (a) Ons eerstespanne neem deel aan die Groot-Uitdaag-en die Stadsbekerkompetisies.
- (b) Twee tweedespanne neem deel aan die Junior Kompetisie. Die Junior Kompetisie word vanjaar in twee seksies van nege spanne elk gespeel en Stellenbosch is toegelaat om 'n span in elke seksie in te skryf. Die een tweedespan bestaan uit alle spelers wat op 1 Januarie 1967 nog nie 20 jaar oud was nie.

- (c) Die derde liga word in vier aparte seksies van 8-10 spanne elk uitgespeel. Die eerstespanne van ons koshuise is in een seksie geplaas en al hierdie wedstryde word as koshuiswedstryde (Sauer-liga) op Stellenbosch gespeel. Die wunner van hierdie seksie kry dan geleentheid om teen die wenners van die ander seksies uit te speel.

- (d) Die O 19-spanne neem min of meer soos in die verlede aan die kompetisies van die W.P. deel.

Die Karnaval en Uskor

Die naweek van 2 tot 4 Maart is karnaval gehou in Matieland.

Daar was o.a. tale interessante vlotte wat die huidige wêreldtoestand as 'n gesamentlike tema op verskillende maniere luimig en satiries uitgebeeld het. Die hoofslot is gebou met behulp van 'n skenking van R100 deur die S.A. Wolraad. Dit sal die harte van ons wolboere dus goed doen om te weet dat die rokke van die koningin en haar prinsesse (op die voorblad) van suiwer wol was.

Die geld wat tydens die feestelike naweek inge-

samel is, gaan aan U S K O R. Dit is die Universiteit van Stellenbosch Kliniese Organisasie. Dit is 'n kliniek wat geheel en al bestuur en gefinansier word deur die mediese studente van die Universiteit van Stellenbosch by die Karl Bremer-Hospitaal.

Derdejaarstudente beheer die apieek en laat die pasiënte toe van wie hulle versigtig boekhou oor elke geval. Sesdejaarstudente tree as dokters op en word bygestaan deur vierde- en vyfdejaars. Die pasiënte is gekleurdes.

„Matieland”-Fonds

Tot op 17 Februarie 1966 het ons lesers R5,440.00 tot die Fonds bygedra. Ons erken met dank en waardering die volgende bydraes wat sedertdien ontvang is. So help u om *Matieland* selfstandig te maak sodat dit nie voortdurend 'n ekstra uitgawe vir u Alma Mater is nie. Tans word die bydraes nog belê tot die fonds vyf maal sterker is.

	Totaal (tot 17 Februarie 1966)	R5,440.00	
Agenbag, mnr. G. J., Posbus 150	Carstens, mnr. Fanie, Vleidam, Koringberg ...
Alberts, mnr. H. A., „Die Bult”, Pk. Skeerpoort, Tvl.	Cilliers, mnr. C. A., Pretoriusstraat 990, Arcadia, ...
Albertyn, ds. H. A., Pastorie, Vinestraat, Woodstock	Claassens, mnr. L. D., Posbus 928, Bloemfontein, O.V.S. ...
Bakkes, mnr. I. S., p/a Nasionale Paaie, Privaatsak 511, Middelburg, K.P.	Cloete, mnr. M. J. M., Posbus 24, Breërvier, K.P. ...
Barnard, mnr. P. D., Cowrie Court 16, Port Shepstone, Natal	Coetzee, mnr. T. J., Tevrede, Posbus 66, Somerset-Oos ...
Barry, ds. A. T., N.G.K. Sending, Mochudi, R.B.	Conradie, mnr. W. S., Posbus 242, Uitenhage ...
Benning, mnr. Leo, Dept. Geografie, Universiteit van Suid-Afrika, Posbus 392, Pretoria ...			Cooper, mnr. J. C., Privaatsak 1, Landdroskantoor, Johannesburg ...
Berends, dr. J. J., Posbus 72, Paarl	Daneel, prof. J. W., Posbus 10, Pk. Mooinooi, Tvl. ...
Birkholz, mnr. F. W., Presidentlaan 102, Witbank, Tvl	De Beer, mnr. S. A., Posbus 87, Zaaston ...
Blomerus, mev. C. M., Rietgat, Possak Ongers-slyns, Oor De Aar, K.P.	Deetlefs, dr. P. P. du T., Posbus 90, Orkney, Tvl. ...
Boeddinghaus, prof. W., Universiteit Oranje-Vrystaat, Departement Duits, Bloemfontein, O.V.S.	De Geus, mnr. L. H., Posbus 109, Graaff-Reinet ...
Boonzaaijer, mnr. N. M., Posbus 28, Wolmaransstad	De Jager, mnr. C. J. Hanover ...
Booysen, mev. B. F., Aleksanderfontein Skool vir Epileptici, Pk. Diskabolas, Kimberley ...			De Klerk, mev. S., Pk. Amsterdam, Tvl. ...
Bosch, mnr. J. D., Posbus 88, Adelaide ...			De Kock, prof. dr. Gilles, Civil Service Club, Posbus 130, Kaapstad ...
Bosch, mnr. J. F., Brandwag, Mosselbaai ...			De Kock, dr. M. H., Beach Court 501, Seepunt, Kaapstad ...
Boshoff, mev. A., Maudstraat 41, Florida, Johannesburg	De Villiers, mnr. C. G., Posbus 220, Heidelberg, Tvl. ...
Boshoff, mev. M. M., Windermereaan 20, Lakeside, Modderfontein, Tvl. ...			De Villiers, mnr. D. J., Posbus 1, Grunau, S.W.A. ...
Bosman, mnr. F. H., Posbus 39, Parow-Oos, K.P.	De Villiers, dr. J. J., Christellahof 19, Stellenbosch ...
Botha, mnr. en mev. C. V., Los Angeles 42, Troystraat, Sunnyside, Pretoria	De Villiers, mnr. P. J. de B., Posbus 27, Upington ...
Botha, mev. M. C., Janestraat, Touwsrivier ...			De Villiers, mnr. en mev. R. V., De Hoop, Posbus 187, Beaufort-Wes ...
Botha, mnr. W. v. D., Beckettstraat 221, Arcadia, Pretoria	De Villiers, mnr. T. H., Olive Schreinerstraat 14, Parow-Noord ...
Brimacombe, mnr. J. N. B., „Enderlie”, Rabiestraat 6, Strand	De Vos, ds. P. J., Wesselsstraat 232, Arcadia, Pretoria ...
Bruwer, mnr. D. J., Posbus 26, Edenville, O.V.S.	De Vos, mnr. en mev. R. B., Woodpeckersirkel 54, Yellowwoodpark, Durban ...
Bruwer, mnr. J. W., Posbus 1802, Kaapstad ...			De Waal, mnr. A. G., Posbus 80, Kuruman ...
Burger, mnr. en mev. A. J. H., Posbus 48, Montagu ...			De Waal, mnr. F. I., Elooffstraat 1, Vanderbijlpark ...
Burger, mnr. V. B., Barrystraat 4, Montagu ...			De Wet, prof. A. F., Verreweide 6, Stellenbosch ...
Burnard, mnr. F. W., Posbus 3263, Pretoria ...			De Wet, mnr. P. J., Groot Schuur, Posbus 31, Sterkstroom, K.P. ...
Burnett, mnr. H. J. R., Posbus 109, Vredendal			Dommisse, mnr. D., Posbus 265, Dundee, Natal ...
			Dreyer, mnr. J. F., Posbus 92, Sterkstroom ...

Du Pisani, mnr. C. G., Posbus 5031, Windhoek, S.W.A.	10.10	Jooste, prof. M. E., Dept. van Huishoudkunde, Universiteit Stellenbosch	3.00
Du Plessis, mnr. A. J., Dept. Landbou-Economie en Bemarking, Privaatsak 250, Pretoria	10.00	Kasch, mnr. W. Leeuwenrusthof 24, Faurestraat 38, Tuine, Kaapstad	3.00
Du Plessis, mnr. en mev. Boet, Posbus 144, Upington	2.20	Kellerman, dr. J. E., Langstraat 13a, Montagu	3.00
Du Plessis, mnr. D. G., Sanlam, Posbus 1, Sanlamhof	5.05	Klem, ds. H. J., Posbus 64, Elliot	3.00
Du Plessis, mev. E., Kruisstraat 30, Potchefstroom	10.00	Kok, mev. A. J., Posbus 296, Nylstroom, Tvl.	10.00
Du Plessis, mev. E. S. D., Posbus 24, Steynsburg, K.P.	2.00	Kotzé, mnr. J. E., Posbus 13, Louis Trichardt	2.00
Du Preez, dr. L., Posbus 17, Linden, Johannesburg, K.P.	2.00	Krike, dr. C. F., Tiber-gebou 301, Rosebank, Johannesburg	10.00
Du Toit, mnr. C. G. de K., 9de-straat 33, Voëlkop	4.00	Krike, mnr. J. D., Posbus 2976, Windhoek, S.W.A.	4.00
Du Toit, ds. J. F., Stellastraat 152, Brooklyn, Pretoria	2.00	Krijnauw, adv. P. H. J., L.P.R., Walterlaan 54, Waverley, Pretoria	4.00
Du Toit, dr. J. J., Posbus 101, Upington ...	3.00	Kritzinger, mnr. M., Barclays Bank D.C.O., Posbus 14, Aliwal-Noord	5.00
Eich, mej. M. E., Riebeeckstraat 78c, Worcester	2.00	La Grange, mnr. L. F., Sarel Cilliersstraat 8, Bellville	1.00
Erasmus, mnr. G. J., p/a S.A. Wolraad, Posbus 173, Middelburg, K.P.	10.00	Laing, mnr. P. B. A., Posbus 540, Oos-Londen	2.00
Fouche, mnr. P. H. A., Pk. Tshakhuma, Oor Louis Trichardt	3.05	Langenhoven, dr. en mev. H. P., Tienie Louwstraat 6, Sasolburg	5.00
Gerrits, mnr. E. J., Voortrekkerweg 43, Humansdorp	2.00	Langner, dr. E. H., Capricorn 303, h/v Devenish en Kotzestraat, Sunnyside, Pretoria	5.00
Gevisser, mnr. D., Posbus 1050, Johannesburg	2.00	Latsky, ds. E. H., Posbus 77, Bethal, Tvl.	4.06
Gous, mnr. en mev. A. F., Onderwys, Pk. Ondangua, Ovamboland, S.W.A.	2.00	Laubser, mej. Maggie, Victoriaweg 30, Strand Laurie, ds. D. P., Voortrekkerstraat 54, Porterville, K.P.	1.00
Gous, mnr. M. D., Sunnyside, Brandvlei	2.00	Le Roux, mnr. A. J., „Rustig”, Uitsig, Wellington, K.P.	5.05
Greeff, mnr. J., „Primo”, Pk. Windmeul	2.00	Le Roux, mnr. J. B., Montana, Suider-Paarl	10.00
Greybe, mnr. F. J., Posbus 196, Standerton	2.00	Le Roux, mnr. N. J., De Keur, Durbanville	5.00
Güther, mnr. A. H., Smutsstraat 379, Kloofsig, Pretoria	2.00	Liebenberg, mnr. G., Hoëskool, Montagu	2.00
Hamm, mnr. F. M., Papegaaistraat 11, Stellenbosch	2.00	Lombard, prof. S. H. Fakulteit van Landbou, Universiteit van Pretoria, Pretoria	5.00
Hanekom, mnr. J. H. N., Posbus 118, Moerreesburg	2.00	Loock, mnr. J. C., Dept Geologie, Universiteitskollege Wes-Kaapland, Privaatsak, Kasselsvlei, K.P.	2.00
Hanekom, ds. J. W., Die Pastorie, Posbus 226, Robertson	2.00	Loubser, mnr. G. J. van W., Dageraad, Edenburg, O.V.S.	10.00
Hansmann, dr. G. H., Posbus 259, Kaapstad ...	2.00	Louw, mnr. G. S., Schuttestraat 29, Parys, O.V.S.	2.00
Havemann, mnr. A. R., Privaatsak 250, Pretoria	2.00	Louw, mnr. H. J., Posbus 27, Brandvlei	4.00
Herre, mnr. H., Piet Retiefstraat 7, Krigeville Stellenbosch	2.00	Louwrens, mnr. C. J., Posbus 76, Kaapstad ...	4.00
Heunis, mnr. C. C., Webbslaan 21, Grahamstad	2.00	Lubbe, mev. C. M., Hospitaalstraat 9, Paarl ...	1.00
Hough, mnr. J. J., Magnusweg 11, Valhalla, Tvl.	2.00	Lubbe, mnr. Willem, „Hokaa”, Draailaan, Dalsig, Stellenbosch	2.00
Hough, mnr. J. L., Posbus 207, Windhoek ...	2.00	Ludick, mnr. J. P., p/a S.A.U.K., Posbus 962, Pretoria	3.00
Huisamen, mnr. A. H. J., Posbus 104, Mariental	2.00	McKenzie, mev. Patricia, Alexandrastraat 27, Kensington B, Randburg	5.00
Human, mnr. F. J., Oldhamweg 43, Parow ...	2.00	Malan, dr. A. I., Merindol, Mortimerlaan 737, Mayville, Pretoria	2.00
Human, dr. T. P., Northern Canners Bpk., Posbus 19, Poltsi, N.-Tvl.	2.00	Malan, mej. C. M., Potchefstroomse Universiteit, Potchefstroom	5.00
Hunter, mnr. S. J., S.A.C.S. Junior School, Dean Street, Newlands	4.00	Malherbe, mnr. C. G., Posbus 3, Ermelo, Tvl.	3.00
Jansen-Van Vuuren, mnr. T., Dept. van Onderwys, Posbus 13, Kaapstad	5.00	Malherbe, dr. en mev. F. E. J., Rowanstraat 9, Stellenbosch	5.00
Jonker, mev. N. L., Myrtle Grove, Bonnievale, K.P.	10.00	Malherbe, mnr. G. H., Van der Stelstraat 13, Stellenbosch	10.00
Jooste, mnr. A. F., St. Johnstraat 183, Oudtshoorn	4.00	Malherbe, mnr. J. H., Kogelstraat 19A, Middelburg, Tvl.	5.00
	2.00	Malherbe, mnr. J. C., Reitzstraat 20a, Potchefstroom	5.00

Marwick, mnr. C. W., Bosboudepartement, Eshowe	2.00	Roos, mnr. Gideon (Jnr.), Posbus 9292, Johannesburg	5.00
Meaker, mnr. en mev. W., Rus-my-Siel, Posbus 108, Somerset-Oos	5.00	Roos, dr. G. D., Cornelisstraat 86, Bronkhorst- spruit, Tvl.	4.00
Michau, mnr. N. T., S.A. Wolraad, Posbus 1378, Pretoria	2.00	Roos, mnr. M. C., Posbus 669, Pretoria	5.00
Minnaar, ds. J. S., Posbus 104, Alexandria	6.00	Roos, mnr. W. L., Nasionale Buro vir Opvoed- kundige en Maatskaplike Navorsing, Privaat- sak 122, Pretoria	5.00
Mitchell, mnr. en mev. W. J., Posbus 1241, Bloemfontein	10.00	Rosenberg, dr. A., Port Soy 202, Kusweg,	5.00
Möller, ds. G. S., Murraystraat 6, Wellington	6.00	Drieankerbaai	40.00
Moodie, mnr. M. D., Moorreesburg	5.00	Rossouw, mnr. I. P. A., Hoërskool, Reivilo	2.00
Münchmeyer, mej. M. I. A., Vooruitsig 5, Pastorielaan, Paarl	5.00	Rossouw, mnr. J. H., Privaatsak 602, Oudts- hoorn	2.00
Musiol, mev. D. M., 9de-laan 986, Wonder- boom-Suid, Pretoria	1.00	Rousseau, mnr. en mev. W. J., Posbus 6, Reivilo, K.P.	5.00
Naude, mev. A. S., Langstraat 21, Lichtenburg	2.00	Roux, mnr. ea mev. Paul, La Provence, Franschhoek	2.00
Naude, mej. C. M., Willem Pretorius Hoërs- kool, Heilbron	2.00	Roux, mnr. Paul Julius, Jeppestraat 45, Water- kloof, Pretoria	20.00
Nieuwoudt, mnr. en mev. E., 22ste-laan 873, Rietfontein, Pretoria	3.00	Rust, mnr. D. J. A., Fratesweg 815, Rietfon- tein, Pretoria	5.05
Nöthling, adv. J. E., p/a Prokureur-Generaal, Kaapstad	2.50	Scheepers, maj. J. C. E., Plantasieweg 64, Auckland Park, Johannesburg	5.00
Odendaal, ds. en mev. E., N.G. Pastorie, Tokai- weg, Retreat, K.P.	2.00	Schleicher, mev. A. E., p/s 13165, Windhoek	5.00
O'Kennedy, mnr. H. F., Le Rouxstraat, Montagu	1.00	Schoeman, mnr. J., Antoon Benning 210, Sanlamhof, Bellville	2.00
Olivier, mnr. D. J., p/a Keeve Steyn en Ven- note, Geldenhuys, Jorriessenstraat 33, Johan- nesburg	2.00	Schoeman, mnr. W. H., Posbus 34, Matatiele	3.00
Oosthuizen, ds. C. M., Malherbestraat 87, Capital Park, Pretoria	1.00	Schumann, prof. C. E. W., Rowanstraat 5, Stellenbosch	10.00
Oosthuysen, mnr. S. C., Daltonlaan 42, Uiten- hage	1.00	Schumann, dr. en mev. T., Andersonstraat 73, Brooklyn, Pretoria	2.00
Op't Hof, dr. J. J. P., Privaatsak 122, Pretoria	3.00	Scully, dr. G. C., Kensingtonlaan 35, Durban- Noord, Natal	20.10
Otten, mnr. Franc. J., „Crescendo”, Noordlaan, Westridge, Somerset-Wes	5.00	Sell, mnr. E., Posbus 27, Alexanderbaai	3.00
Otto, mnr. en mev. F., Valerielaan 77, North- cliff, Johannesburg	5.00	Senekal, mnr. C. J., Bensleystraat 15, Hospitaal- heuwel, Beaufort-Wes	3.00
Oud-Matié Golfklub, Posbus 10934, Johannes- burg	10.00	Simon, dr. H., Posbus 12, Vryheid, Natal	10.50
Pack, mnr. W. W. A., p/s 13157, Windhoek, S.W.A.	10.00	Slabber, mnr. A. A., Christellahof 9, Stellen- bosch	4.00
Pauw, dr. J. John, Sanlamgebou 1312, Smith- straat, Durban	2.05	Smit, mnr. F. van Zyl, Regsadviseurs, Dept. van Justisie, Privaatsak 81, Pretoria	3.00
Pienaar, mnr. C. J., Posbus 68, Thaba Nchu	2.00	Smit, mev. J. E., Reitzstraat 8, Somerset-Wes	5.00
Pienaar, dr. W. J., Navorsingsinstituut vir Vrugte en Voedseltegnologie, Privaatsak, Stellenbosch	5.00	Smit, mnr. Jock, Posbus 62, Pretoria	2.00
Pieters, mnr. J. L., Staatsdienskommissie, Pri- vaatsak 121, Pretoria	10.00	Spies, mnr. S. J., Posbus 33, Bethal, Tvl.	2.20
Plichta, mnr. O. V., Posbus 131, Keetmans- hoop, S.W.A.	2.00	Stadion, mnr. A. Mon Desir, Die Laan, Stellen- bosch	2.00
Potgieter, mnr. H. J., Cloetesdal-Noord, Pk. Dennesig, Dist. Stellenbosch	5.00	Stern, mnr. R. W., Eytonweg 17, Claremont, K.P.	2.00
Preller, mnr. en mev. J. H., Landboukollege, Potchefstroom	10.00	Steyn, mnr. C. G., Mount Sheridan 502, Schoemanstraat 719, Arcadia, Pretoria	3.00
Prinsloo, ds. en mev. H. F., Posbus 14, Grave- lotte, Tvl.	2.00	Steyn, prof. Douw G., Vakkundige Adviseur, Dept. Gesondheid, Posbus 386, Pretoria	10.00
Read, mnr. en mev. M. B., Hans Strijdomlaan 12, Lyttleton, Tvl.	5.00	Stewart-Wynne, mej. M. C., Bakerstraat 15, Rosebank, Johannesburg, Tvl.	2.00
Relihan, mnr. L. T., Posbus 418, Walvisbaai	10.00	Stoker, dr. D. J., Frans Oerderstraat 50, Groen- kloof, Pretoria	2.00
Retief, mnr. J. D., Atlanta, Privaatsak 2004, Mariental, S.W.A.	4.00	Strydom, mnr. A., Cornelialaan 12, Framesby, Port Elizabeth	1.00
	10.00	Strydom, mnr. J. J., Hoopstraat 37, Citrusdal	2.00
	5.00	Swart, mej. H. H. J., Skool vir Blindes, Adder- leystraat, Worcester	2.00
	2.00	Syfert, mnr. J. G., Posbus 8161, Johannesburg	2.00
	5.00	Terblanche, mnr. S. J., Kerkstraat 71, Worcester	3.00

Theron, mnr. C. G., Landbounavorsingstasie, Posbus 37, Upington	Van Niekerk, mnr. J. W., Posbus 2498, Wind-	2.00
Theron, mev. Juliana, Hoofweg 281, Strand ...	Van Rensburg, mnr. B. J. J., Kerkstraat 76,	4.00
Theron, mnr. W. F. D., p/a Dept. van Water- wese, Windhoek	Oudtshoorn	
Tidmarsh, mev. E. C. M., Finsburyhof 16, Kerkstraat-Oos 669, Pretoria	Van Rensburg, mnr. B. P. J., Vyfdaalaan 56,	2.00
Truter, mnr. A. P. G., Huis Weich,Wolseley	Bellville	
Van Blerk, mnr. N., Woordeboekkantoor, Uni- versiteit van Stellenbosch, Stellenbosch ...	Van Rensburg, mnr. F. G. J., Posbus 669,	2.05
Van den Berg, dr. M., Millers Mile 438, Lynn- wood, Pretoria	Pretoria	2.00
Van der Dussen, mnr. A., Dept. Bosbou, Privaatsak, Sabie, O.-Tvl.	Van Rooyen, mnr. D., Posbus 12, Nababeep	6.00
Van der Heever, mej. J., Westerford Close E.6., Mountweg, Rondebosch, Kaapstad ...	Die Transvaler, Posbus 8124, Johannesburg	2.00
Van der Merwe, mnr. B., Posbus 11077, Lynn- wood, Dist. Pretoria	Van Rooyen, mnr. L., Vadersgift, P/s Ronde- hoek, Bethlehem	2.00
Van der Merwe, mnr. C. P., Die Opleidings- kollege, Wellington	Van Vuuren, mnr. G. J. J., Die Opleidings- kollege, Paarl	2.00
Van der Merwe, dr. en mev. C. R., Arcadia- straat 870, Arcadia, Pretoria	Viljoen, mev. J. M., Posbus 2, Luckhoff ...	1.00
Van der Merwe, mnr. J. N. K., Posbus 3420, Noord-Einde, Port Elizabeth	Visser, mnr. A.G., Sandown 24, Wesselstraat, Arcadia, Pretoria	3.00
Van der Poel, mnr. en mev. R., Salisbury- straat 32, Bellville	Visser, mnr. Dirk, Suid-Afrikaanse Ambassade, Piazza Monte Grappa 4, Rome	3.00
Van der Walt, mnr. S. J., Moorivier, Posbus 15, Karasburg, S.W.A.	Vlok, mnr. N., Posbus 5, Kuruman	5.00
Van Deventer, maj. F. J., Battery S.A.A. 143, Militêre Kamp, Walvisbaai	Volschenk, mnr. H. S., Derde-straat 6, Pk. Sishen, K.P.	15.00
Van Eck, mnr. B., Posbus 619, Johannesburg...	Vosloo, mnr. G. P., Ivystraat 3, Clydesdale,	2.00
Van Eeden, T.A., Heroldsbaai, Posbus 207, George	Pretoria	
Van Heerden, mnr. S. J., Diazweg 104, Adcock- vale, Port Elizabeth	Wessels, mnr. M. J., Dept. van Bosbou, Privaatsak, Sabie, O.-Tvl.	2.00
Van Huyssteen, dr. D. P., Drieankerhof 414, Troystraat, Sunnyside, Pretoria	Wharton-Hood, mnr. D., Posbus 589, Port Elizabeth	4.00
Van Niekerk, mnr. J., Posbus 46, Southbroom, Natal	Wium, mnr. D. J. W., Posbus 2592, Pretoria	2.00
Van Niekerk, mnr. J. F. R., Fouriestraat, Heidelberg, Kaap	Wohlers, mnr. G. W. H., Posbus 43, Groot- fontein, S.W.A.	3.00
	Zietsman, mnr. J. P., San Carlo 32, St. Johns- weg, Seepunt	5.00
	Zietsman, mnr. P., Vierdestraat 70, Clifton, K.P.	5.00
10.00	TOTAAAL (tot 8 Februarie 1967)	R6,534.86
10.00	L.W. Alle tjeks en posorders moet asseblief aan die Matielandfonds betaalbaar gemaak word.	
3.00		

Hy verspil geen minuut nie, tog weet hy wanneer om 'n halfuur uit te span. Hy bereken sy tyd in rand en sent maar mense meet hy aan ander waardes. Sy ondernemings groei groot in die land en sy besluite is raak. As hy oor geldsake praat, luister ander.

Dink ons miskien dat ons hom en manne soos hy met lewensverzekering kan vervang?

Nee.

Maar die uitbouing van sy planne kan ons steun, sy gesin se brood beskerm.

En dit doen ons.

SANLAM

-lewensverzekering
dien deur beskerming



Mnr. H. J. Coetzee, rekenmeester van Potchefstroom, bespreek sy lewensverzekering met mnr. G. Boysens, 'n verteenwoordiger van Sanlam, Potchefstroom.

VZ&R109/2A

Teen dié koers betaal dit om te spaar! **VOLKSKAS**

BETAAL

5%

*op spesiale
spaardekkinge!*

By Volkskas weet u vir seker dat u geld **in u belang** belê word—in die voorspoed en vooruitgang van Suid-Afrika. Boonop betaal dit so goed om by Volkskas te spaar, want Volkskas betaal u $4\frac{1}{2}\%$ op die **daagliks saldo** van u spaardekking en hoë rentekoerse op ander beleggings:

Vaste Deposito's (12 maande)..... 7%

SPAAR IN U EIE BELANGE BY

VOLKSKAS

BEPERK



(Geregistreerde Handelsbank) HOOFKANTOOR: PRETORIA

VZ JUN 3



FRICK SIG-SAG DE LUXE

Doen gewone werk,

Knoopsgate, Knope, Omkap, Borduurwerk,

Name skryf, ens.

HANDAANGEDREWE R53 :: MOTORAANGEDREWE R66

Frick
-NAAIMASJIENE

VOORTREKKER-
WEG 35,
PAROW

TELEFOON
98-6489

KONTRAKTEURS VIR K.H.V.S.

Vir verdere besonderhede sien Verdelings-/Kalenderbladsy in Telefoongids

Eerste in sy soort in Suid-Afrika!

KOLSKOOT-SPAARPLAN


6% tot 17.9%

p.j. op u maandelikse spaargeld
(afhangende van u inkomste)

EN KRY BOONOP

LEWENSDEKKING

vir die bedrag wat u gaan spaar—
teen 'n geringe premie



Saambou

(PERMANENTE)
BOUVERENIGING

SE KOLSKOOT-SPAARPLAN MET SUBSKRIPSIE-AANDELE

Aan: SAAMBOU, Posbus 4180, Kaapstad. Stuur my asseblief,
sonder enige verpligting van my kant, volledige besonderhede van
u KOLSKOOT-SPAARPLAN

NAAM.....

ADRES

Foon.....

Ouderdom volgende verjaardag.....

Ek is voornemens om R..... per maand te spaar
oor 'n tydperk van..... jaar.


VZ&R 2193AZ



**Goud van Kleur
Ryk aan Geur**

VZ 008765/1A

NASIONALE BOEKHANDEL



doen sy naam eer aan met
uitgawes wat altyd aan die
hoogste vereistes voldoen.

Bly op die hoogte met die Nasionale
Boekhandel-publikasies — letterkun-
dig, geskiedkundig, opvoedkundig,
wetenskaplik—alle genres van die
literatuur!

NASIONALE BOEKHANDEL BEPERK

Kaapstad: Wandelgang, Groote Kerk-gebou. Posbus 2063 · **Parow:** Posbus 119 · **Johannesburg:** Evkom-
sentrum, Wolmaransstraat. Posbus 9898 · **Durban:**
Drakensberg Boekhandel, Smithstraat 411. Posbus 1702 ·
Port Elizabeth: h/v Princess- en Cawoodstraat. Posbus 95
Bloemfontein: Maitlandstraat 53; Henrystraat 64. Posbus
1058 · **King William's Town:** Cathcartstraat 51. Posbus
107 · **Pietersburg:** Posbus 248 · **Umtata:** Posbus 259

292A

DIE STELLENBOSSCHE DISTRIKS BANK BEPERK

Stellenbosch en omgewing se eie

DISTRIKS BANK

Die enigste in die

REPUBLIEK

U navrae en 'n besoek word verwelkom

ook te

KUILSRIVIER EN KRAAIFONTEIN



STAAL VIR VOORUITGANG!

YSKOR, wat meer as driekwart van Suid-Afrika se staalbenodigdhede voorsien, produseer reeds teen 'n peil van sowat 3,000,000 gietblokton per jaar . . . en die syfer styg nog steeds.

Ten einde tred te hou met die toenemende vraag na staal, is YSKOR tans besig met 'n uitbreidingskema wat honderde miljoene rand sal kos en beplan is om sy jaarlikse produksievermoë te verhoog tot sowat 4,500,000 gietblokton teen 1969.

Daar bestaan geleenthede vir interessante en lonende betrekings in hierdie groeiende onderneming, wat werke op Vanderbijlpark en in Pretoria, asook ses mynsentrums, omvat. YSKOR het die dienste nodig van bedryfs-, chemiese, elektrotegniese, metallurgiese, mynboukundige en werktuigmakende ingenieurs, terwyl gegradeerdees in wetenskappe, lettere en handel in sy tegniese en administratiewe departemente geplaas kan word. Die Korporasie het ruimskoots vir die welsyn van sy werknelers voorsiening gemaak.



**SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL
INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK**

Hoofkantoor: Posbus 450 Pretoria

Oorweeg u 'n loopbaan in die staalbedryf saam met talle oud-Maties? Skryf dan gerus om nadere besonderhede aan die Personeelbestuurder.



Elke Sigaret
'n Meesterstuk

In Suid-Afrika vervaardig